H O O F S T U K XIV

SAMEVATTING VAN DIE HISTORIESE ONTWIKKELING

1. Onderwys onder Militêre Bewind 1915 - 1920

Hierdie periode het geduur vanaf die besetting van die gebied in 1915 totdat krygswet met ingang van 1 Januarie 1921 herroep is.

Gedurende die eerste paar jaar van die besettingstydperk het daar nie veel op die gebied van die onderwys gebeur nie. Weens die onsekerheid oor die uitslag van die oorlog is die Duitse skoolstelsel toegelaat om ongehinderd voort te gaan. 'n Organiserende inspekteur van onderwys, mnr. J.G.R. Lewis, is aangestel om die belange van die kinders van Unieburgers in die gebied te behartig.

Nadat die Unie van Suid-Afrika as mandataris oor Suidwes-Afrika aangewys is, het die tyd aangebreek om 'n toekomsbeleid vir die onderwys in die gebied te formuleer en neer te lê. Die nuwe beleid sou die inskakeling van die onderwys van die verowerde deel van die bevolking moes bewerkstellig, 'n onderwys wat op 'n vaste tradisie, gevestig op die beginsels van moedertaalonderwys, ouerseggenskap en Duitse nasionalisme, berus het. Die eerste stappe deur administrateur sir E.H.L. Gorges, nl. om die Duitse skole oor te neem, het sekere beperkings op moedertaalonderrig in die primêre skool beoog. Dit het tot 'n onmiddellike stryd om die behoud van die eie deur die Duitse bevolkingsgroep aanleiding gegee.

Die Duitse ouers het hulle kragte in 'n „Landesverband der deutschen Schulvereine", wat met die owerheid onderhandel het, saamgesnoer. Onderhandelings met generaal J.C. Smuts, Eerste Minister van die Unie, het tot sekere toegewings insake moedertaalonderwys in die primêre skool gelei. Hierdie toegewings asook die versekering dat gelyke geleenthede vir en regverdigheid teenoor die Duitse kind beoog word, het dit vir sekere Duitse skole, wat nie oor voldoende fondse beskik het nie, moontlik gemaak om regeringskole te word.

Alhoewel die Landesverband skole onder sy beheer

toegelaat/ ...397

toegelaat het om regeringskole te word, het hy dit in belang van die onderwys van die Duitse kind geag om met twee sekondêre en drie primêre skole as privaatskole voort te gaan. Hierdie besluit het berus op die Landesverband se mening dat die sekondêre onderwys in die Unie op 'n laer peil was en dat 'n Duitse leerling sy hoërskoolonderrig aan 'n Duitse skool moes ontvang.

Die getalle in die skole vir kinders van Unieburgers het geleidelik toegeneem. Teen die einde van 1918 was daar reeds 23 staatskole met 'n inskrywing van 704 leerlinge en met 45 onderwysers wat die onderrig behartig het. Na die Vrede van Versailles in 1919 is 'n inspekteur van skole aangestel om met die toesig oor die onderwys behulpsaam te wees.

Alhoewel daar geen wetgewing was nie, is ouers se aandag daarop gevestig dat kinders wat op 1 Januarie van 'n betrokke jaar ses jaar oud is, 'n skool moes besoek. By die toelating van kinders tot 'n skool moes die geboortesertifikate en oorplasingskaarte voorgelê word.

Albei amptelike tale, Hollands en Engels, is in regeringskole onderrig, en in 13 van die 23 skole was Hollands die vernaamste voertaal. Die enigste twee skole met klasse bokant die sesde standerd, nl. te Windhoek en Keetmanshoop, was parallelmediumskole.

Die Windhoekse skool het kandidate vir die matrikulasie-eksamen van die Universiteit van Suid-Afrika ingeskryf, terwyl die skool op Keetmanshoop slegs kandidate vir die „Lagere Sertifikaat Eksamen" voorberei het.

Sekere faktore soos gebrek aan akkommodasie, geen wetlike bepalings in verband met leerplig en die uitgestrektheid van die land het die uitbreiding van die onderwys gestrem.

Dit was administrateur G.R. Hofmeyr se taak om die besonderhede van die beoogde onderwysbeleid uit te werk, en dit het as grondslag vir die eerste onderwyswetgewing vir Suidwes-Afrika gedien. Hy het onder andere 'n beleid van sentralisasie van skoolfasiliteite as 'n moontlike oplossing van sekere onderwysprobleme gesien.

2. Faktore/ .. 398

2. Faktore wat die onderwysontwikkeling in Suidwes-Afrika beïnvloed het

Uit die onderwysgeskiedenis van Suidwes-Afrika blyk dit dat sekere faktore baie jare lank 'n belangrike invloed op die algemene ontwikkeling van die onderwys uitgeoefen het. Een van hierdie faktore was die konstitusionele ontwikkeling van die gebied. Met die aanname van die Suidwes-Afrika Konstitutie Wet, 1925 (no. 42 van 1925) deur die Unieparlement is daar, onderhewig aan sekere voorbehoude, vir verteenwoordigende bestuur voorsiening gemaak. Volgens die wet sou die landsbestuur by die Administrateur, die Adviserende Raad, die Uitvoerende Komitee en die Wetgewende Vergadering berus.

Artikel 27 van dié wet het bepaal dat tensy die Goewerneur-generaal dit vooraf goedkeur, die Wetgewende Vergadering nie voor verstryking van drie jaar na die eerste sitting van die eerste sessie enige bevoegdheid sou hê om oor sekere aangeleenthede ordonnansies te maak nie. Hierdie aangeleenthede het primêre en sekondêre onderwys in skole wat uit inkomste van die gebied in stand gehou of ondersteun is, ingesluit. Enige tyd na die verstryking van drie jaar kon die Goewerneur-generaal op versoek van twee derdes van die lede van die Wetgewende Vergadering dié wetgewende liggaam by proklamasie magtig om oor genoemde sake wetgewing aan te neem.

Die vereistes dat twee derdes ten gunste van sodanige versoek moes stem, het veroorsaak dat primêre en sekondêre onderwys tot 1949 van die gesag van die Wetgewende Vergadering, en derhalwe ook van die Uitvoerende Komitee, uitgesluit was.

Die Wysigingswet op Aangeleenthede van Suidwes-Afrika, 1949 (no. 23 van 1949) het Artikel 27 van die Konstitutie Wet herroep en gevolglik het onderwysaangeleenthede die verantwoordelikheid van die Wetgewende Vergadering geword. Die feit dat die gebied 'n groter mate van selfbestuur gekry het en dat onderwys die verantwoordelikheid van die gekose verteenwoordigers van die volk geword het, was 'n stimulus vir ontwikkeling.

Suidwes-Afrika is 'n groot uitgestrekte gebied met

'n yl/ ... 399

'n yl verspreide blanke bevolking. Die sensus van 1921 het aan die lig gebring dat 19,432 Blankes, van wie 10,775 volwassenes was, oor die hele gebied versprei was. Van hierdie bevolking was 7,855 van Duitse afkoms, wie se kinders nog privaatskole besoek het. Om vir so 'n verspreide bevolking in 'n land met min kommunikasiefasiliteite 'n onderwysbeleid neer te lê en uit te voer, was geen geringe taak nie. In 1960 was daar 73,105 Blankes, van wie 53,378 in dorpe gekonsentreer was. Alhoewel die platteland nog dun bevolk was, het die verbeterde verbindingstelsels en -middele baie van die onderwysprobleme uitgeskakel.

Afgesien van die uitgestrektheid is die westelike kusgebied 'n woestyn en strek die land in die ooste tot aan die Kalahari. Hierdie geografiese ligging veroorsaak dat die reënval laag en ook baie wisselvallig is. Onderaardse water, behalwe in sekere streke waar artesiese water gevind word, is skaars en diep. Droogtetoestande en waterskaarste het veroorsaak dat die boerebevolking van tyd tot tyd met hulle vee moes trek. Hierdie periodieke verskuiwing van die bevolking het veral in die vroeër jare meegebring dat skole op een plek gesluit en elders geopen moes word. Alhoewel hierdie verskuiwing in die later jare van 'n meer tydelike aard was, het dit tog die vermindering en vermeerdering van personeel by skole in die hand gewerk.

Een van die belangrikste faktore wat die ontwikkeling van die onderwys beïnvloed het, was die finansies van die land. Boerdery en mynbou was baie jare lank die twee belangrikste bronne van inkomste. Eers gedurende die vyftigerjare het die visnywerheid 'n bydrae begin lewer. Die inkomste uit sowel boerdery as mynbou is baie gevoelig vir faktore van buite, met die gevolg dat die land se inkomste gewissel het namate die boerdery deur droogtes, veesiektes en markpryse beïnvloed is en die pryse van mynbouprodukte, hoofsaaklik koper en diamante, op die wêreldmark geskommel het. Die boerderybedryf het 'n hele paar terugslae ondervind, en gedurende sekere periodes het dit geen inkomste aan die staat besorg nie en moes die staat selfs finansiële ondersteuning aan die boere verleen. Die belangrikste koperproduserende myn moes

onder/ ... 400

onder meer drie keer sluit, terwyl die diamantbedryf se inkomste gedurende die depressie van die vroeë dertigerjare van meer as £2,000,000 per jaar tot £91,000 gedaal het. Die Regering was van tyd tot tyd genoodsaak om die ontwikkeling, ook van die onderwys, by sy inkomste aan te pas. Na die Tweede Wêreldoorlog het 'n tydperk van ekonomiese voorspoed ingetree, wat vir die groei van die onderwys baie beteken het.

Die Duitse bevolkingsdeel was uit die staanspoor bereid om ter wille van hulle regte en, soos dit deurgaans genoem is, vir die behoud van hulle „Deutschtum" te stry. Hierdie stryd het nie slegs op die gebied van die onderwys nie maar veral op staatkundige terrein plaasgevind. Terwyl die Suid-Afrikaners nouer aansluiting by die Unie van Suid-Afrika beoog het, het die Duitsers enige beweging in daardie rigting teengestaan. Hierdie teenstand is verskerp met die opkoms van die Nasionaal-sosialistiese Duitse Arbeidersparty in Duitsland, wat met die oog op die hereniging van Duitsland met sy voormalige kolonies sy invloed hier laat geld het. Die botsing en stryd het in die eerste plek die konstitusionele ontwikkeling op weg na selfbestuur vertraag, en in die tweede plek het dit 'n ongunstige klimaat vir die ekonomiese ontwikkeling van die gebied geskep. Albei faktore het die onderwysontwikkeling ten nouste geraak.

Die Tweede Wêreldoorlog het 'n einde aan die stryd tussen die botsende groepe gemaak, met die gevolg dat daar vordering op die weg na groter selfbestuur was. Die verwesenliking daarvan in 1949, tesame met 'n ekonomiese oplewing, het die onderwysontwikkeling bevorder. Aan die ander kant is die onderwys van die Duitssprekende kind vertraag en moes daar opnuut aanpassings gemaak en verbeurde regte verkry word.

3. Tydperk van oriëntering en vestiging 1922-1934

Die Mandaathouer het aanvanklik die wetgewende gesag van die gebied in die hande van die Administrateur geplaas, wat namens die Goewerneur-generaal proklamasies uitgevaardig het. Hy het 'n adviserende raad gehad wat hom onder andere in verband met wetgewing ge-

adviseer/ ... 401

adviseer het.

Die eerste onderwysmaatreël, Onderwijs Proklamatie, 1921 (no. 55 van 1921), geskoei op die lees van die toentertydse Kaapse Onderwysordonnansie, het op 1 Januarie 1922 van krag geword. Dié wet, geteken deur administrateur G.R. Hofmeyr, was 'n eerste poging om na 'n paar jaar ondervinding van onderwysaangeleenthede en onderhandeling met die Duitse bevolkingsgroep, die onderwys op 'n vaste grondslag te plaas.

Die nuwe onderwyswet het uit 135 artikels met twee bylaes A en B bestaan. Die artikels is onder vier hoofde ingedeel: „Onderwysbeheer" (artikel 2 tot 8), „Onderwys vir Blankes" (artikel 9 tot 104), „Onderwys vir Nie-blankes" (artikel 105 tot 128) en „Algemene Bepalinge" (artikels 129 tot 135). Bylae A bevat die Kategismusvrae en -antwoorde wat in skole behandel kon word, en bylae B die „Sillabus vir Bybellesse".

Artikels 2 tot 8 plaas die kontrole, toesig en „opperleiding" van die openbare onderwys in die hande van die Administrateur. Dit maak voorsiening vir 'n adviserende onderwysraad, waarop die drie blanke groepe van die bevolking verteenwoordig sou wees en wat die Administrateur moes adviseer. Verder stel dit 'n „Departement van Openbare Onderwys" met 'n Direkteur as hoof in. Die algemene funksies van die Administrateur en Direkteur word voorgeskryf.

Die bepalings vir die onderwys vir Blankes word in veertien hoofstukke ingedeel en omskryf die plaaslike bestuur van skole deur skoolkomitees, die aanstelling en diensvoorwaardes van onderwysers, die indeling van onderwysers volgens kwalifikasies en graad van skole, die salarisse en pensioene vir onderwysers, skoolbesoek, vry primêre onderwys en skoolgelde, losies vir leerlinge, voertaal en die onderrig van die amptelike tale insluitende bepalings oor die gebruik van Afrikaans en Duits, godsdiensonderwys, skoolgrond, geboue en uitrusting en, ten laaste, privaatskole.

Die „Algemene Bepalinge" maak voorsiening dat enige oortreding van die wet, tensy anders bepaal, met 'n boete van hoogstens £10 strafbaar is en magtig die Administrateur om regulasies insake die betaling van reiskoste aan onderwysers en die betaling van

hulp-/ ... 402

hulptoelaes aan skole op 'n pond-vir-pond-grondslag te maak.

Die eerste onderwysproklamasie was slegs vier jaar van toepassing toe 'n tweede en in sekere opsigte meer omvattende stuk wetgewing, ook volgens die Kaapse patroon opgestel, geproklameer is. Die indeling van die nuwe onderwysmaatreël, Onderwys Proklamasie, 1926 (no. 16 van 1926) het dieselfde gebly. Die getal artikels is van 135 na 159 vermeerder, en 'n hoofstuk oor finansies, waarin die rekenpligtige amptenaar met finansies vir onderwys belas word, is onder „Onderwysbeheer" ingevoeg. Die bepaling insake pensioene vir onderwysers in die eerste wet het van krag gebly en is nie weer in die nuwe wet opgeneem nie. Alhoewel die algemene beleid min of meer dieselfde gebly het en die leemtes in die vorige wetgewing deur duideliker bepalings verbeter is, is daar toegewings aan Duitssprekende leerlinge gemaak sodat Duits as vak tot standerd tien geneem kon word en is die geleentheid geskep om Duits as voertaal tot standerd tien te gebruik.

Die samestelling, magte en funksies van die Adviserende Onderwysraad is deur die Administrateur by regulasie in die Staatskoerant van 4 Februarie 1922 voorgeskryf. Die eerste Raad het bestaan uit die Direkteur van Onderwys, as voorsitter, advokaat F.P. van der Heever, mnr. P. Müller en ds. J. Wood. Die regulasies het nie die dienstermyn van raadslede neergelê nie en ook nie bepaal wie lede by die Administrateur vir benoeming in die Raad moes aanbeveel nie. Uit die prosedure wat gevolg is, het geblyk dat die lede vir een jaar benoem is; daarna het die Raad geen amptelike status meer gehad nie. Dit het dikwels gebeur dat die ampstermyn van die Raad verstryk het voordat 'n nuwe benoem was. Die Direkteur het later die inisiatief geneem om lede vir benoeming aan te beveel, maar hy kon nie altyd daarin slaag om die nodige getal bevoegde lede, veral Engelssprekendes, aan te beveel nie. Die Raad het vier maal per jaar vergader en moes die Administrateur in verband met wetgewing en algemene onderwysbeleid adviseer. Die opdrag was wyd, en alhoewel die lede nie almal opvoedkundiges was nie, het hulle wel oor vakkundige aangeleenthede beraadslaag./ ... 403

slaag. Terwyl die eerste onderwyswet die instelling van die Raad verpligtend gemaak het, het die Onderwys Proklamasie van 1926 dit aan die oordeel van die Administrateur oorgelaat. Ten gevolge van die probleem om bevoegde lede vir die Raad te vind en die swak ekonomiese posisie van die land in die vroeë dertigerjare is die Raad nie in 1932 saamgestel nie en daarna ook nie weer nie.

Die Organiserende Inspekteur van Onderwys, mnr. J.G.R. Lewis, is aangestel as direkteur van onderwys, en mnr. J.D. de Waal, wat sedert 1919 inspekteur van skole was, het sy pos behou. Weens die dood van die Direkteur, mnr. Lewis in 1923 het hy nie veel geleentheid gehad om die onderwysbeleid soos in die wet vervat, toe te pas nie. Mnr. H.H.G. Kreft het die moeilike taak gehad om die werk van mnr. Lewis voort te sit. In dieselfde jaar is dr. K. Frey, 'n Duitse onderwyser wat reeds onder die Duitse Bewind diens gedoen het, as tweede inspekteur van skole aangestel. Alhoewel die Direkteur van Duitse afkoms was, was die aanstelling van 'n Duitssprekende inspekteur bevorderlik vir die oorname van die Duitse skole en die voorsiening van Duitsmediumonderrig in regeringskole.

Albei onderwyswette het voorsiening gemaak vir die verkiesing van skoolkomitees by alle skole wat deur die staat ondersteun is, uitgesonderd 'n opleidingskool, 'n boereplaasskool, 'n nywerheidskool, 'n spesiale skool en 'n privaatskool. Elke skoolkomitee sou, in ooreenstemming met die besluit van die Direkteur, uit drie, vyf of sewe lede bestaan. Die wet omskryf die kwalifikasies van lede, die prosedure by 'n verkiesing en die magte, pligte en werksaamhede van skoolkomitees. Alhoewel die skoolkomitees slegs adviserende magte gehad het, blyk dit dat hulle die beste gebruik van hulle geleenthede gemaak het en in die algemeen 'n belangrike bydrae tot onderwysontwikkeling gelewer het. Die eerste skoolkomitee is in April 1922 vir die Windhoekse Regeringskool verkies.

Administrateur Hofmeyr was 'n voorstander van 'n stelsel van sentrale skole en koshuise. Weens 'n gebrek aan fondse om geboue op te rig kon die beleid

nie deur-/ ... 404

gevoer word nie, en die stigting van plaasskole met 'n gehandhaafde gemiddelde skoolbesoek van tien leerlinge is as 'n tydelike maatreël toegelaat. Administrateur A.J. Werth, wat op 1 April 1926 sy ampspligte aanvaar het, het persoonlik ondersoek ingestel en besluit dat desentralisasie van skoolfasiliteite die aangewese beleid vir die landsomstandighede was. Om dit moontlik te maak sou privaatskole hulptoelaes van die staat ontvang. Die jaarlikse toelaes het gewissel van £5 per kind op plekke waar staatskole was, tot £10 of £15 per kind waar die staat koshuisfasiliteite sou moes voorsien. In hierdie skole sou onderrig net tot standerd vier gegee word, met die gevolg dat 'n leerling vir die vyfde en sesde standerds na 'n sentrale staatskool moes gaan.

Die staatskole het van 46 in 1926 tot 63 in 1934 toegeneem, terwyl die privaatskole van 22 tot 57 vermeerder het. Alhoewel die beleid van desentralisasie die owerheid in staat gestel het om met beskikbare fondse in die dringendste onderwysbehoeftes te voorsien, het dit sy invloed op die onderwys gehad. Die toename in die getal skole het meegebring dat onopgeleide onderwysers by sommige plaasskole aangestel moes word; sommige skole is onder baie gebrekkige omstandighede in stand gehou; die groot getal skole het kontrole van al die skole deur die twee inspekteurs onmoontlik gemaak, met die gevolg dat die wykstelsel ingevoer is, wat die kontak tussen inspekteur en skool verbreek het. Die aanvaarde beginsel van staatsondersteunde privaatskole het die voortbestaan van veral die Duitse privaatskool bestendig, sodat die ideaal om één skoolstelsel onder een sentrale beheer daar te stel nie verwesenlik sou word nie.

Daar is ook, afgesien van die gewone primêre skole, plaasskole, privaatskole, twee sekondêre skole te Swakopmund en Keetmanshoop en 'n hoërskool te Windhoek, wat intussen ontstaan het, voorsiening vir 'n landbouskool en 'n burgerskool gemaak. Die eersgenoemde het sy ontstaan aan 'n behoefte aan landbou-opleiding met die oog op boerdery as 'n toekomstige loopbaan te danke gehad. Die opleiding was so gespesialiseerd dat die skool in 1936 aan die Afdeling

Landbou/ ... 405

Landbou oorgedra is. Die burgerskool het sy ontstaan in die Oranje-Vrystaat gehad, en op inisiatief van administrateur Werth is so 'n skool te Stamprietfontein opgerig. Die skool het 'n na-primêre kursus van twee jaar met 'n sterk landbou-inslag aangebied. Die feit dat daar net een so 'n skool gestig is en dat hy weens gebrek aan belangstelling moes sluit, dui daarop dat daar nie 'n wesentlike behoefte aan die soort skool was nie. Met die oorname van die „Deutsche Höhere Schule" te Swakopmund het die sekondêre skool aldaar gesluit.

Die Direkteur van Onderwys het nog, met beperkte kantoorpersoneel, gepoog om die onderwys met al sy verskillende skole te organiseer, toe daar in 1928 'n begin met die repatriasie van die Angolaboere gemaak is. Die voorsiening van onderwysfasiliteite vir die kinders van hierdie nuwe intrekkers, wat nie permanent gevestig was nie, het 'n probleem geskep wat met beperkte fondse hanteer moes word. Met beskikbare geld kon tentskole en huisvesting op wiele vir die onderwyser voorsien word. Later het 'n behoefte aan koshuisakkommodasie by hierdie mobiele skool ontstaan en het die staat tente beskikbaar gestel en die ouers moes die verantwoordelikheid van die versorging van die kinders aanvaar. Die entoesiasme en leergierigheid van die Angolakinders en die belangstelling van die ouers in hulle kinders het die onderwyspoging ryklik beloon. Sommige van hierdie skole is uiteindelik as volwaardige plaasskole in die onderwysstelsel opgeneem.

Tot 1934 was Suidwes-Afrika vir die voorsiening van onderwysers van werwing en opleiding in Suid-Afrika afhanklik. Vir die instandhouding van Duitsmediumafdelings is enkele onderwysers van tyd tot tyd in Duitsland gewerf. Aanvanklik was daar 'n aantal onopgeleide onderwysers in diens, maar namate die periode van ekonomiese insinking ingetree het, was daar 'n surplus van bevoegde onderwysers en kon daar selfs 'n keuring toegepas word. Personeeltoekenning het geskied op 'n basis van 1 vir 15, 2 vir 30, 3 vir 60 en daarna een onderwyser vir elke 30 leerlinge. Hierdie skaal is ten gevolge van ekonomiese druk in 1932 gewysig na een vir 15, 2 vir 35, 3 vir 70 en daarna een onderwyser

vir elke/ ... 406

vir elke 35 leerlinge. Ten gevolge van die nuwe skale en 'n gebrek aan fondse is 33 onderwysers afgedank. Die Direkteur het onderwysers na gelang van die onderwysbehoeftes aangestel en verplaas.

In 1921 het die onderwysers 'n eie onderwysersvereniging, die Suidwes-Afrikaanse-Onderwysersunie, gestig. Die Onderwysersunie sou die belange van die onderwys in Suidwes-Afrika bevorder en die belange van die onderwysers beskerm. Die eerste kongres het in September 1921 en die vyfde in 1932 plaasgevind. Reeds in 1933 het die eerste uitgawe van „Educa", die blad van die Onderwysersunie, verskyn.

Wat die skoolorganisasie betref, blyk dit dat daar na 1924 'n paar jaar van 'n drietermynskooljaar gebruik gemaak is. Alhoewel die onderwyswet bepaal het dat daar vier kwartale moes wees, het die eerste kwartaal op 31 Maart geëindig en die tweede op 1 April begin.

Dit wil voorkom asof daar in die aanvangsjare nie baie aandag aan opvoedkundige apparaat en hulpmiddels bestee is nie, want in 1931 het die Departement eers daarin geslaag om die meeste skole van kaarte vir aanskouingsonderwys te voorsien. Inspekteurs het gerapporteer dat die onderrig van vakke soos Natuurstudie, baie teoreties was. Nieteenstaande die feit dat fondse op 'n pond-vir-pond-basis vir biblioteekboeke beskikbaar was, het slegs ongeveer agt van die groter skole enige biblioteekboeke besit. Die 1921-wetgewing het bepaal dat boeke en skoolbenodigdhede tot die sesde standerd gratis aan leerlinge voorsien sou word. In 1926 is die beleid egter gewysig en sou leerlinge hulle eie boeke en skryfbehoeftes moes aankoop. Regulasies het vir die verskaffing van boeke aan behoeftige leerlinge teen verminderde pryse voorsiening gemaak.

Reeds in 1927 het die hoof van die Leutweinstraatse Skool in Windhoek begin om kulturele en sportbedrywighede in skole op 'n landswye grondslag te organiseer. In 1928 is daar twee aparte organisasies gestig, nl. 'n eisteddfod, om die kulturele aktiwiteite te behartig en die „Suidwes-Afrika Interskole Kampioenskap Sport" (S.W.A.I.K.S), om die sportbedrywighede, veral

atletiek/ ... 407

atletiek, te organiseer. Jaarlikse kunswedstryde, wat 'n groot verskeidenheid nommers ingesluit het, is gehou totdat die depressie dit beëindig het. Gereelde S.W.A.I.K.S.-byeenkomste is in Windhoek gehou. Gewone kulturele bedrywighede soos debatsverenigings, sang en voordrag, het 'n belangrike funksie vervul, terwyl leerlinge terselfdertyd die geleentheid gehad het om by jeugbewegings soos die Voortrekkers, Boy Scouts en Girl Guides aan te sluit. Al hierdie aktiwiteite getuig daarvan dat die onderwyser, al was dit soms onder baie moeilike omstandighede, altyd kultuurdraer gebly het.

Een van die groot vraagstukke wat voortdurend aandag vereis het, was die Duitse taalvraagstuk en die voorsiening van onderwysfasiliteite vir Duitssprekende leerlinge. Die bepaling in die eerste onderwyswet dat Duits tot die sesde standerd die voertaal sou wees, het nie volle tevredenheid gegee nie. Nieteenstaande die aanbod dat Duitssprekende kinders hulle studies in die Windhoekse Hoërskool deur dieselfde medium en volgens hulle eie metodes kon voortsit, het die Realschule te Windhoek, die sekondêre skole te Swakopmund en Lüderitz en die primêre skole te Karibib en Tsumeb sonder staatsondersteuning as Duitse privaatskole bly voortbestaan. Die ander 13 Duitse skole met 17 onderwysers, 367 leerlinge en 5 koshuise met 128 kosgangers is deur die staat oorgeneem. Gedurende 1923 het verdere onderhandelings tussen die Eerste Minister van die Unie en verteenwoordigers van die Duitse Regering in Londen plaasgevind. Die ooreenkoms wat bereik is, het aanleiding gegee tot toegewings waarvoor in die Onderwys Proklamasie van 1926 voorsiening gemaak is. Aanvanklik is Duitsmediumonderrig op sekondêre vlak aan die Windhoekse Hoërskool gegee, maar nadat die „Deutsche Höhere Schule" te Swakopmund in 1930 deur ooreenkoms onder staatsbeheer geplaas is, is die Duitse afdeling daarheen oorgeplaas. In 1927 het die Gemeenskaplike Matrikulasieraad besluit dat Duitssprekende leerlinge die Matrikulasie-eksamen, uitgesonderd die taalvraestelle, deur die moedertaal kon aflê. Die Raad sou die nodige vraestelle in Duits beskikbaar stel.

Wat die amptelike tale as voertaal betref, het die Onderwijs Proklamatie, 1921, bepaal dat 'n leerling tot

en met/ ... 408

en met die sesde standerd deur medium van die huistaal onderrig moes word, maar dat die ouers kon eis dat die ander taal geleidelik as voertaal ingevoer en daarna gereeld as voertaal gebruik word. As alternatief kon ouers verkies dat enigeen van die amptelike tale, of albei, na die vierde standerd die voertaal sou wees. Die 1926-wetgewing het die posisie vereenvoudig deur te bepaal dat die medium van onderrig van alle leerlinge die huistaal moes wees. In standerds bo die vierde sou die onderrig in die ander taal as vak deur medium van daardie taal geskied. Indien die Direkteur die mening toegedaan was dat die leerling se kennis van die ander taal dit regverdig het, kon onderrig in 'n addisionele vak in die standerds bo die vierde deur middel van die ander taal gegee word, tensy die ouer van die leerling dit anders verkies het. In gevalle waar 'n leerling albei tale ewe goed magtig was, was die ouer se keuse deurslaggewend.

Alle leerlinge het in alle standerds hulle huistaal as vak geneem. Voldoende voorsiening is vir die onderrig van die ander amptelike taal gemaak en alle leerlinge het die tweede taal tot die sesde standerd geleer, tensy die ouers dit anders verlang het. Voorsiening is ook gemaak dat alle leerlinge bo die sesde standerd albei tale kon neem, tensy die ouer dit anders verkies het. Dit tref dat die ouer die keuse gehad het om te bepaal of sy kind die ander amptelike taal as vak sou neem of nie. 'n Leerling wat aan die vereistes van die Matrikulasieraad wou voldoen, was verplig om die ander taal as vak na die sesde standerd te neem. Die Onderwijs Proklamatie, 1921, het Hollands as een van die amptelike tale voorgeskryf maar het dit aan die skoolkomitee oorgelaat om by 'n spesiale vergadering waar 'n meerderheid van die lede teenwoordig was, te besluit of Afrikaans in plaas van Hollands die voertaal in alle of in sekere klasse in die skool sou wees of as vak onderrig sou word. Die skoolkomitee moes die hoof van die skool vooraf raadpleeg en die Direkteur moes tevrede wees dat die verandering die skool nie opvoedkundig sou benadeel nie. In 1926 is slegs vir Afrikaans voorsiening gemaak. In 1925 was 58% van die leerlinge se huistaal Hollands

of Afri-/ ... 409

of Afrikaans, 19.4% Engels en 22.6% Duits.

Leerplig het gestrek van die datum waarop 'n kind die ouderdom van sewe jaar tot die datum waarop hy die ouderdom van sestien jaar bereik het. Die boonste grens was onderhewig daaraan of die leerling reeds in 'n vaste betrekking was en of hy standerd ses geslaag het. Om 'n plaasskool te kon stig het die Direkteur die reg gehad om kinders wat ses jaar maar nog nie sewe jaar oud was nie, tot 'n skool toe te laat. Die bepalings het meegebring dat kinders enige tyd gedurende die jaar tot 'n skool toegelaat moes word. Die organisatoriese en opvoedkundige implikasies hiervan het die Onderwysersunie genoodsaak om te versoek dat toelating slegs aan die begin van die jaar waarin die kind sewe jaar oud geword het, moes geskied. Die Direkteur het in beginsel saamgestem, maar was tog van mening dat toelating twee maal per jaar moes geskied. Die wet het die landdros met die toepassing van die leerpligbepalings in sy distrik belas, maar die grootste struikelblok in die weg van die uitvoering daarvan was 'n gebrek aan akkommodasie om veral kinders van die uitgestrekte platteland te huisves. Om die tekort aan koshuisakkommodasie die hoof te bied het die Administrateur in 1930 in regulasies bepaal dat 'n vervoertoelae vir kinders wat verder as drie myl van 'n skool gewoon het, beskikbaar sou wees. Toelaes vir motorvervoer wat deur die Direkteur ingestel is, sou tot £5 per kind per jaar beperk word, terwyl die Direkteur die toelaes vir private vervoer sou bepaal. Laasgenoemde toelaes is weens gebrek aan fondse vanaf 1 Januarie 1933 ingetrek. In 1934 was daar vier motorvervoerskemas, wat daagliks 123 leerlinge oor 'n totale afstand van 54 myl vervoer het. Die totale uitgawe vir die jaar was £668. In dieselfde jaar het 419 (7%) leerlinge van skoolpligtige ouderdom nie 'n skool besoek nie.

Afgesien van die voorskrifte in verband met godsdiensonderrig, voertaal en die onderrig van tale as vakke, bepaal die onderwyswetgewing saaklik dat die Direkteur vir die opstel en toepassing van sillabusse verantwoordelik sal wees. Die Direkteur het dus wye magte gehad om oor die inhoud van die onderwys te

besluit/ ... 410

besluit. Die leerplanne en leergange van die Kaaplandse Onderwysdepartement is onveranderd in die gebied toegepas. Godsdiensonderwys was 'n verpligte vak in die leerplan van elke skool, terwyl Afrikaans, Engels, Rekenkunde, Geskiedenis, Aardrykskunde, Natuurstudie, Liggaamsoefening en Gesondheidsleer, Sang, Teken, Skrif, Tuin- en Naaldwerk die ander vakke in die leerplan van die primêre skool was. Te oordeel na die tydsindeling het die klem op die onderrig van Afrikaans, Engels en Rekenkunde geval. Nieteenstaande vertoë van die kant van die Onderwysersunie het die leergange tot in 1934 onveranderd gebly. Weens die beperkte omvang van sekondêre onderwys was die Direkteur genoodsaak om die leergange van die Universiteit van Suid-Afrika vir die Junior Sertifikaat en van die Gemeenskaplike Matrikulasieraad vir die Senior Sertifikaat te gebruik. Die twee sekondêre skole te Swakopmund en Keetmanshoop het Engels A of B, Afrikaans A of B, Duits of Latyn, Rekenkunde, Matesis, Natuur- en Skeikunde en Geskiedenis vir die Junior Sertifikaat aangebied, terwyl die Windhoekse Hoërskool ook die handelsvakke Boekhou en Snelskrif en Afrikaanse en Engelse Letterkunde vir die Matrikulasie-eksamen aangebied het. Die kursusse was akademies gerig en het nie veel geleentheid vir differensiasie gebied nie. Na die oorname van die Duitse Hoërskool te Swakopmund kon Duits Hoër Graad as vak geneem word en is die skool ook toegelaat om die „Abitur"-eksamen as toelating tot Duitse Universiteite af te lê. Die staat was in 'n posisie om vir alle leerlinge van al drie die taalgroepe tot standerd X onderwys te voorsien deur medium van die moedertaal.

Die magtiging aan die Direkteur van Onderwys om inspeksies by skole uit te voer is in die wetgewing vasgelê. Twee inspekteurs het die verantwoordelikheid vir al die inspeksiewerk gedra en moes weens die stelsel van hoofdelike inspeksie van leerlinge elke skool in die loop van 'n jaar besoek. Die taak het met die toename in skole te veeleisend geword en die hoofonderwyser se hulp moes in sekere wyke ingeroep word. Die stelsel van hoofdelike inspeksie het die gelyktydige bevordering van leerlinge onmoontlik gemaak, en dit het veroorsaak dat daar veral op Afri-

kaans,/ ... 411

kaans, Engels en Rekenkunde gekonsentreer is, met die gevolg dat die ander vakke nie die nodige aandag geniet het nie. Verder het die uitslag van 'n eenmalige toets beslis of 'n leerling sou druip of slaag. Die enigste voordeel aan die stelsel verbonde, was dat die toetsing min of meer 'n eenvormige standaard gehandhaaf het. In die openbare eksamens van die sekondêre en hoërskool was die uitslae met enkele uitsonderings bevredigend.

Die voorsiening in die wetgewing vir die geneeskundige inspeksie van skole is in 1927 uitgebrei deur regulasies met die oog op die sluiting van skole weens aansteeklike siektes asook die uitsluiting van kinders uit skole op mediese gronde. Die pligte van hoofde, superintendente van koshuise, ouers en voogde met betrekking tot die hantering van aansteeklike siektes is neergelê. Die eerste poging tot 'n georganiseerde geneeskundige inspeksiediens in skole is in 1928 geloods, toe dit aan distriksgeneeshere opgedra is om alle kinders in skole geneeskundig te ondersoek en 'n algemene verslag by die owerheid in te dien. By gebrek aan fondse is hierdie diens na 'n paar jaar beëindig.

Omdat die verspreide plattelandse bevolking die voorsiening van koshuise 'n vereiste gemaak het, het die wetgewing die nodige voorsiening vir die oprigting en instandhouding daarvan gemaak. Die minimumvereiste om 'n koshuis op te rig was tien kosgangers, tensy die Direkteur om buitengewone redes anders besluit het. In 1922 was daar 14 staatskoshuise met 450 kosgangers, wat in 1934 na 21 koshuise met 1,112 kosgangers vermeerder het. Koshuise het onder die beheer van 'n superintendent gestaan, wat deur onderwysers as opsigters en die nodige huishoudelike personeel bygestaan is. Die diensvoorwaardes vir huishoudelike personeel is vir die eerste maal in 1926 deur regulasies voorgeskryf. Weens die swak finansiële posisie van sommige ouers is tot 80% afslag op koshuisgeld toegestaan en was dit ook nodig om ouers van betaling vry te stel. Die ernstige tekort aan koshuisgeboue het die owerheid genoodsaak om beperkende maatreëls in te stel, wat die skoolbesoek van skoolpligtige kinders ernstig benadeel het. Kinders onder tien jaar is nie tot 'n koshuis toegelaat nie, tensy minstens die helfte van die voor-

geskrewe/ ... 412

geskrewe geld betaal was, en die kinders van nuwe intrekkers is alleen teen betaling van volle losiesgeld toegelaat. Met die koms van die Angolaboere is 'n nuwe koshuisbeleid gevolg, wat daarop neergekom het dat die staat die akkommodasie voorsien het maar dat die ouers met behulp van die onderwyser die verantwoordelikheid vir die instandhouding moes aanvaar. Op plekke waar hierdie skole permanent gevestig is, het die staat die boumateriaal voorsien en het die ouers self die oprigting van die geboue onderneem. 'n Toelae van vyf sjielings per kind per maand is uit die Angolafonds aan die ouers betaal.

Om in die behoefte aan voortgesette onderwys te voorsien het veral die Schulvereine die inisiatief geneem. Klasse is, na gelang van die behoefte, veral in tale, handels- en tegniese vakke gereël. In 1929 het die Departement belangstelling in hierdie soort onderwys getoon deur 'n per capita-subsidie van 'n sikspens per student per uur te betaal. In Windhoek het die Departement self klasse gereël, mits minstens vyf studente vir 'n vak ingeskryf het. By die Windhoekse Hoërskool is Shorthand, Tikskrif, Handelsrekenkunde, Afrikaans, Duits en Engels onderrig. Die onderriggeld was £1 per vak, £1 10s. vir twee vakke en £2 vir drie of meer vakke. Die kursusse het nie groot belangstelling gewek nie.

In sy geheel gesien, word hierdie tydperk gekenmerk deur die toepassing van 'n onderwysbeleid wat op die lees van dié van Kaapland geskoei was, aangevul deur enkele idees uit die Oranje-Vrystaat en aangepas by plaaslike omstandighede met die oog op die voorsiening van Duitsmediumonderrig. Die bedoeling was dat alle leerlinge van die verskillende taalgroepe 'n tuiste in die skoolstelsel sou vind en dat hulle die hoogste vlak van sekondêre onderwys kon bereik. Dit was egter toegelaat dat, met die ondersteuning van die staat, 'n aantal privaatskole bly voortbestaan het. Op sigself was dit 'n groot taak om die bepalings van die twee wette uit te voer, maar om dit te doen met beperkte fondse was nog 'n groter en moeiliker taak. Die wisselende ekonomie het nie net die onderwysontwikkeling gestrem nie, maar ook die owerheid genoodsaak om

van tyd/ ... 413

tyd tot tyd aanpassings te maak. Dit is duidelik dat die beperkte hoofkantoorpersoneel al sy kragte aan die onderwysorganisasie gewy het en dat, behalwe wat die onderwysers self daaraan gedoen het en die kontrole wat deur die inspektoraat uitgeoefen is, min aan die wese van die onderwys en opvoeding self gedoen is. Die fondament wat gelê is, was egter stewig genoeg om verder op voort te bou.

4. 'n Professioneel opvoedkundige benadering van die onderwys 1935 - 1948

As opvolger vir mnr. H.H.G Kreft is mnr. W. Orban, tegniese adviseur van die Transvaalse Onderwysdepartement, in 1935 aangestel.

Met toewyding het hy sy verantwoordelikheid aanvaar en voortgebou op die fondament wat deur sy voorganger gelê is. Sy besondere taak was om aandag aan die professionele en opvoedkundige aspekte van die onderwysprogram te gee. Vir hierdie taak was hy besonder goed toegerus met 'n deeglike kennis van die jongste ontwikkelinge op onderwysgebied. Hy het met sy opvoedkundige beleid veel bereik deur vertroue en lojaliteit by die inspekteurs en onderwysers te skep, hulle opvoedkundige denke te prikkel en hulle tot groter inspanning te inspireer. Afgesien van die normale groei en ontwikkeling het daar nie groot gebeurtenisse in die administrasie van die skole plaasgevind nie. Nadat die land begin herstel het van die gevolge van die groot depressie van die vroeë dertigerjare, het 'n natuurlike proses van sentralisasie van skole ingetree. Die Direkteur het hierdie verandering verwelkom, omdat dit in belang van meer doeltreffende onderwys sou wees. Om die proses te bespoedig is daar in 1936 regulasies vir hulptoelaes aan skole wat deur private onderneming opgerig is, afgekondig. Hierdie regulasies het bepaal dat minstens ses leerlinge by 'n skool ingeskryf moes wees ten tye van 'n aansoek om 'n hulptoelae. In 1935 was daar 63 staatskole en 59 staatsondersteunde skole met 'n inskrywing van 4,699 en 876 leerlinge onderskeidelik. Slegs 5.5% van die kinders van skoolgaande ouderdom het nie 'n skool besoek nie. Die onderrig is deur 270

onderwy-/ ... 414

onderwysers behartig. In 1937 is die toelaes aan privaatskole om ekonomiese en prinsipiële redes teruggetrek, maar in 1946 is dit weer aan sekere bestaande skole betaal. In 1948 was daar 52 staatskole en 18 privaatskole, waarvan vier ondersteuning ontvang het, met 7,005 en 908 leerlinge respektiewelik. 328 onderwysers het die onderrig gegee. Alhoewel die leerlingtal met 2,338 toegeneem het, het die getal skole met 52 verminder. Die Direkteur het verklaar dat alle leerlinge, uitgesonderd diegene wat op mediese gronde vrygestel was, 'n skool besoek het. Dit dui op 'n geslaagde toepassing van die beleid van sentralisasie. Die Burgerskool te Stamprietfontein is weens gebrek aan ondersteuning in 1944 gesluit.

Namate die skoolbevolking toegeneem het, het die behoefte aan meer sekondêre en hoërskole groter geword. In 1948 het die sekondêre skool te Keetmanshoop hoërskoolstatus gekry, terwyl sekondêre skole te Gobabis en Otjiwarongo opgerig is.

Alhoewel die inspekteurs reeds in 1940 die behoefte aan 'n spesiale skool vir verstandelik afwykende leerlinge onder die aandag gebring het en daar in 1944 'n opname van leerlinge wat moontlik vir so 'n skool sou kwalifiseer, gemaak is, kon daar weens 'n tekort aan akkommodasie nie vordering gemaak word nie.

Gedurende die vroeë veertigerjare was die owerheid genoodsaak om die opleiding van sy eie onderwysers te oorweeg. Die Onderwysproklamasie is gewysig om die nodige voorsiening vir so 'n inrigting te maak, maar weens die onvermoë van die staat om die nodige geboue op te rig, moes die onderneming 'n onbepaalde tyd lank uitgestel word. Die Onderwysersunie het hom teen 'n opleidingsinrigting uitgespreek omdat, na sy oordeel, die tyd nog nie daarvoor ryp was nie. Intussen het die twee hoërskole in Suidwes-Afrika reeds matrikulante gelewer wat hulle vir opleiding as onderwysers aangebied het. In 1935 is aan ses studente finansiële steun vir onderwysersopleiding in Suid-Afrika aangebied. Nieteenstaande die toekenning van lenings en beurse het die tekort aan permanente onderwysers voortgeduur, met die gevolg dat meer getroude vroue in diens geneem is. Die getroude vroue het van 8.7% van die diensdoende

onderwy-/ ... 415

onderwysers in 1947 tot 19.6% in 1948 vermeerder. Tussen die jare 1937 en 1947 het gemiddeld 9.27% van die onderwysers en 31.84% van die onderwyseresse jaarliks bedank. Die hoë bedankingsyfer van die onderwyseresse het veelvuldige personeelveranderinge veroorsaak en het onbestendigheid in die hand gewerk. Ter verbetering van die personeelposisie is die diensvoorwaardes van onderwysers van tyd tot tyd gunstiger gemaak. In 1947 is die siekteverlofvoordele van onderwysers verbeter, terwyl daar in 1937, 1944 en 1947 salarisverhogings was.

Met die toename van die verantwoordelikhede van skoolhoofde is daar in 1947 poste van assistent-onderwyser, spesiale graad (A.S.G.) ingestel. Assistent-onderwysers wat in hierdie poste benoem is, moes sekere verantwoordelikhede aanvaar ten einde die taak van die skoolhoof ligter te maak.

Die opvatting van die Direkteur was dat selfs 'n ervare onderwyser nie die reg aan die onderrig van 'n vak kon laat geskied nie, tensy hy dit volgens 'n bepaalde vooropgestelde plan wat deur homself opgestel is, aanbied. Hy het derhalwe opdrag gegee dat vanaf 1935 alle werkskemas volledig uitgewerk moes word. Dit moes 'n taamlik volledige uiteensetting van die inhoud van die leerstof gee, 'n indeling van die stof vir 'n hele jaar asook 'n uiteensetting van die metode van aanbieding en die tyd aan elke vak toegewys, bevat. Die werkskemas moes jaarliks nuut opgestel en aan die inspekteur van skole vir goedkeuring voorgelê word. Die belangrikheid van daaglikse skriftelike voorbereiding van werk is beklemtoon, en inspekteurs moes kontroleer of dit uitgevoer word.

Alhoewel hoër eise aan die onderwysers gestel is, is daar nie slegs van die onderwysers verwag om beter diens te lewer nie, maar is daar ook pogings aangewend om hulle beter vir hulle taak toe te rus. In 1940 en 1941 is tydens kortkursusse in Liggaamlike Opvoeding pogings aangewend om die kennis van die onderwysers op te knap. In 1944 is die Onderwyswet gewysig om die Direkteur te magtig om organiseerders vir spesiale vakke aan te stel sodat deskundige voorligting aan onderwysers gegee kon word. Op 1 Januarie 1944 het

mej. / ... 416

mej. M.M. Grewar as organiseerster van Huishoudkunde en Naaldwerk diens aanvaar.

Skole het in toenemende mate in die film as hulpmiddel by die onderwys begin belangstel. Finansiële steun deur die Departement het skole aangemoedig om hulle eie projektors en aanverwante toerusting te koop. Boekekomitees is aangestel om nuwe publikasies vir skoolgebruik te keur, en skole het ook beter van die hulptoelaes wat vir die aankoop van biblioteekboeke beskikbaar was, gebruik gemaak.

Die kulturele en sportbedrywighede by skole het voortgegaan, en in 1936 het die Onderwysersunie besluit dat die jaarlikse sportbyeenkoms in Windhoek deur wyksbyeenkomste voorafgegaan moes word.

Samewerking tussen onderwysers, ouers en belangstellendes het skole in staat gestel om skoolfondse in te samel vir aktiwiteite waarvoor die skool verantwoordelik was. Insamelings vir skoolfondse het van £1,634 in 1938 tot £6,834 in 1947 gestyg.

Die Duitse Hoërskool in Swakopmund het tot 'n volwaardige staatsinrigting ontwikkel. In 1939 het die Matrikulasieraad goedkeuring verleen dat kandidate Duits Hoër Graad kon skrywe, mits hulle Afrikaans en Engels op die gewone graad kon aanbied. Die „Abitur"-eksamen is gereeld op die tradisionele wyse afgeneem. Met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog het die Duitse kind op onderwysgebied gelyke behandeling met die kinders van die ander taalgroepe geniet. Ten gevolge van die oorlog en op grond van landsbeleid is sekere beperkings op Duitse skole geplaas. Alle Duitse skole, insluitende privaatskole, moes die leergange wat in die Afrikaanse en Engelse klasse gebruik is, aanvaar en invoer; die „Abitur"-eksamen is afgeskaf en Duitse hoërskole sou uitsluitlik die Matrikulasieleergange moes volg. Die privaatskole se vryheid is hulle ontneem, dog die vergunning ten opsigte van Duits as voertaal en as studievak het van krag gebly. Na die oorgawe van die Duitse Ryk op 9 Mei 1945 het die Eerste Minister van die Unie, generaal J.C. Smuts, bepaal dat Duits as voertaal in alle staatskole afgeskaf moes word. Hierdie opdrag het op 1 Januarie 1946 van krag geword. Artikels 106 tot en

met 109/ ... 417

met 109 van Onderwys Proklamasie, 1926, is herroep en daarmee het die wetlike voorsiening vir die Duitse taal as voertaal verval. Privaatskole kon Duits as voertaal behou, maar hulle kon nie vir die standerd VI-sertifikaat van die Departement kwalifiseer nie, tensy hulle aan dieselfde vereistes as die staatskole vir die verwerwing daarvan voldoen het. Dit het beteken dat hulle vroegtydig een van die amptelike tale as voertaal moes invoer. Die Matrikulasieraad het op versoek die vergunning om Duits Hoër Graad aan te bied en om sekere vraestelle in Duits te beantwoord, vanaf 1948 teruggetrek. Die Administrateur, mnr. P.I. Hoogenhout, het egter bepaal dat die besluit reeds vanaf 1 April 1946 van krag sou wees.

Gedurende die oorlogsjare het die ideaal van die bevordering van tweetaligheid en die dubbelmediumbeleid as instrument om dit te bereik in die Unie van Suid-Afrika posgevat. In 1943 het administrateur Hoogenhout besluit om Onderwys Proklamasie, 1926, so te wysig dat die dubbelmediumbeleid met ingang van 1944 in Suidwes-Afrika toegepas kon word. Alle leerlinge sou in die vervolg albei amptelike tale in alle standerds as vak moes neem en die huistaal sou tot die sesde standerd die medium van onderrig wees, met die voorbehoud dat na die vierde standerd die tweede taal in een of meer vakke as voertaal gebruik moes word. Die Direkteur het bepaal dat Aardrykskunde in standerd V en in standerd VI òf Rekenkunde òf Natuurkennis òf Liggaamsoefening òf 'n ander kulturele vak as tweede vak in die tweede taal onderrig moes word.

In die hoërskool is Aardrykskunde en Wiskunde aangewys vir onderrig deur medium van die tweede taal. Die Onderwysersunie was verdeeld oor die beleid, want in 1946 het 25 uit 44 skoolhoofde hulle ten gunste daarvan uitgespreek. Inspekteurs was van mening dat die beoogde doel in so 'n mate bereik was dat die voortsetting daarvan geregverdig was. Teen 1948 was die beleid so in die partypolitiek betrek dat die uitvoering daarvan opsioneel gemaak is. Aan die skole is die geleentheid gebied om te kies en slegs sewe van die 51 skole het dubbelmediumskole gebly.

Gedurende hierdie tydperk is daar veral 'n besondere

bydrae/ ... 418

bydrae tot ontwikkeling van die onderwys lewer deur 'n hersiening van die leerplanne en die leergange vir die primêre skool. Die Kaapse leerplanne en leergange vir die primêre skool was in sekere opsigte uit voeling met die behoeftes van Suidwes-Afrika. Die leerstof van vakke soos Aardrykskunde, Geskiedenis, Natuurleer en Rekenkunde het geen voorsiening gemaak vir kennis omtrent die eie land nie, met ander woorde die opvoedkundige beginsel om die leerstof vanuit die bekende na die onbekende te benader is nie gehandhaaf nie. Op versoek van die Onderwysersunie het die Direkteur in 1936 'n sentrale komitee met subkomitees saamgestel om die leerplan sowel as die leergange vir Geskiedenis, Aardrykskunde, Natuurstudie, Rekenkunde en Liggaamlike Opvoeding te hersien. Die Sentrale Komitee het die leerplan oorweeg en die werksaamhede van die subkomitees gekoördineer. In die leergang wat in 1944 ingevoer is, het Afrikaans, Engels en Rekenkunde nog die kernvakke gebly, meer tyd is aan die kulturele vakke Handwerk, Teken, Sang en Liggaamsoefening toegestaan en Landbou en Huishoudkunde kon in die namiddag onderrig word. Die leerplan het die breër opvoeding van die kind beoog, en standerds V en VI was meer doelbewus op afronding van die primêre skoolkursus en skoolverlating ingestel. Die nuwe leergange het die eie aardrykskunde, natuurverskynsels en omstandighede as uitgangspunt gehad, wat in die hoër standerds al wyer na die onbekende uitgekring het. Die hersiene leergange het nie bloot nuwe inhoud gehad nie, maar ook 'n nuwe benadering en metodes voorgeskryf. Besondere belangstelling is in skrifontwikkeling getoon, en die voorskrifte het gewissel van uitsluitlik drukskrif aan die een kant tot uitsluitlik lopende skrif aan die ander kant. In 1944 is met lopende skrif in substanderd A begin, en dit het sestien jaar lank die skryfmetode gebly.

Weens die beperkte omvang van die sekondêre onderwys kon daar nie 'n besonder wye vakkeuse toegelaat word nie. Sedert 1935 het die invoering en bevordering van kulturele vakke meer aandag geniet. Daar is onder andere kamers vir Huishoudkunde gebou sodat Huishoudkunde as 'n kulturele vak onderrig kon word, 'n opgeleide/ ... 419

leide onderwyser is vir Liggaamlike Opvoeding by die Windhoekse Hoërskool aangestel, goedkeuring is verleen om Biologie as kulturele vak in te voer en Handwerk, Sang en Kuns het meer aandag geniet. Aangesien die leergange vir die sekondêre skool deur die Eksaminerende Liggaam voorgeskryf is, was daar geen geleentheid vir hersiening van die leergange nie.

Tot in 1944 is Godsdiensonderwys volgens die leergang wat in die bylae van die Onderwysproklamasie voorgeskryf was, gegee. In daardie jaar is die Proklamasie egter gewysig sodat Bybelse Geskiedenis in plaas van Godsdiensonderwys onderrig sou word. Die Direkteur is gemagtig om die leergang op te stel en inspekteurs om vas te stel of die beleid uitgevoer word. Die voorgestelde leergang in Bybelse Geskiedenis is aan 'n kommissie van die Ring van Gibeon van die Nederduitse Gereformeerde Kerk voorgelê, wat dit onveranderd aanbeveel het. Die Duitssprekende leerlinge is tot 1939 volgens leergange wat in ooreenstemming met die beginsels van die Duitse Lutherse en Katolieke Kerke was, onderrig.

Een van die eerste stappe wat die Direkteur in 1935 gedoen het, was om die hoofdelike inspeksie af te skaf en die verantwoordelikheid vir die bevordering van die leerlinge in die hande van die hoofonderwyser, in oorleg met sy assistente, te plaas. Die inspekteurs sou slegs kontrole uitoefen en net in uitsonderlike gevalle die leerlinge indiwidueel toets om die nodige aanpassings in hulle klassifikasie te maak. Die nuwe beleid het onmiddellik aan die inspekteurs die geleentheid gebied om aandag aan belangrike opvoedkundige aangeleenthede, soos klaskamerpraktyk en die onderwyser self, te gee. Na aanleiding hiervan skryf 'n inspekteur, wat sedert 1923 in dié hoedanigheid in diens van die Departement was, in sy rapport dat „the Inspector of Schools was promoted from an examiner to an Inspector of Education, the teacher from a formalistic craftsman to an educationalist and the pupil from a name to a living personality" [1]. Die nuwe beleid het aan die onderwysers groter verantwoordelikheid

gegee,/ ... 420

---

1. Jaarrapport, 1935, 22-23. Uittreksel uit die jaarverslag van een van die inspekteurs van skole.

gegee, die organisasie in verband met die bevordering van leerlinge baie makliker gemaak en die professionele aansien van die inspekteur verhoog. In 1938 is mnr. M.H. Greeff as derde inspekteur aangestel, en nadat mnr. J.D. de Waal uit die diens getree het, is hy deur dr. C.J.C. Lemmer opgevolg. Dr. K. Frey, wat in 1943 geïnterneer is, is deur mnr. W.B. Miller opgevolg. In 1944 is 'n pos van hoofinspekteur geskep, wat deur mnr. Greeff gevul is. Laasgenoemde is deur mnr. A.S. Boshoff opgevolg.

Nadat die eerste georganiseerde geneeskundige inspeksie van skole ten gevolge van 'n gebrek aan finansies gestaak moes word, het die Direkteur by verskillende geleenthede die herinstelling van so 'n diens bepleit. In 1943 is 'n pos van geneeskundige inspekteur van skole goedgekeur en in Mei 1944 het dr. J.E. Fischer diens aanvaar. In dieselfde jaar is twee poste vir verpleegsters om die geneeskundige inspekteur behulpsaam te wees, ook goedgekeur. Die werksaamhede van die geneeskundige diens het 'n wye veld gedek en take ingesluit wat verkieslik deur 'n sielkundige of 'n dieetkundige of 'n gesondheidsinspekteur verrig moes word. Die vernaamste taak was egter om alle leerlinge geneeskundig te ondersoek, die gebreke of siektes vas te stel en behandeling aan te beveel. Opnames is gemaak van tandbederf, kwale van die oë, neus, keel en hart, van ondervoeding asook die voorkoming en bestryding van siektes soos malaria, witseerkeel, maltakoors en pokke. Waar nodig het die geneesheer verstandstoetse toegepas om die afwykendheid van leerlinge te bepaal, hoofsaaklik in gevalle wat waarskynlik onopvoedbaar was. 'n Poging om ook 'n tandheelkundige diens in te stel het misluk omdat 'n tandarts nie gevind kon word nie.

Alhoewel die Onderwysersunie versoek het dat verstandsmeting van alle leerlinge moes plaasvind en dat 'n beroepsvoorligter aangestel moes word, is daar geen vordering gemaak nie.

Die koshuisgeboue by skole was nie altyd geskik vir die doel nie, maar moes weens die agterstand met die bouprogram noodwendig gebruik word. Die koshuise was gewoonlik te vol en kinders kon weens gebrek aan huisvesting nie toegelaat word nie. Die toestande

by sommige/ ... 421

by sommige van die koshuise was dikwels nie bevorderlik vir die gesondheid van die kosgangers nie. Met die oog op die bekamping van ondervoeding is daar in 1939 'n dieetskaal en spyskaart as leidraad vir koshuise opgestel. In 1945 is verdere toeligting gestuur en is daar bevind dat kosgangers in die algemeen goed gevoed is. Reeds vroeg in die dertigerjare het dit geblyk dat die staat weens die geldelike implikasies van die bestaande koshuisstelsel nie onbepaald die verantwoordelikheid vir alle koshuise sou kon aanvaar nie, en daar is oorweeg om die verantwoordelikhede vir koshuise op die skouers van die betrokke distrik waarin die koshuis geleë is, te plaas. Dit het aanleiding gegee tot 'n skema vir plattelandse koshuise waar die Administrasie behoorlik toegeruste geboue voorsien en die personeel aangestel het. 'n Plaaslike komitee, wie se hooftaak dit was om fondse in te samel om die koshuis in stand te hou, het die koshuis bestuur. Die ouers kon losiesgeld in natura betaal, terwyl die staat aan die koshuis £6 per kosganger per jaar betaal het. Die skema het reeds in 1936 in werking getree, maar volledige regulasies vir die beheer en instandhouding van die koshuise is eers in 1939 opgestel. Die stelsel het aanleiding gegee tot boerderybedrywighede by sommige skole, wat naderhand so 'n omvang aangeneem het dat groot plase deur die Administrasie vir die skole aangekoop is. In 1948 het die Direkteur verklaar dat die plattelandse koshuisstelsel meer werk en moeilikheid opgelewer het as wat die Departement kon behartig, en dat hy oortuig was dat die stelsel sy doel gedien het en beëindig moes word.

In 1948 is mnr. Orban na die Transvaalse Onderwysdepartement oorgeplaas en is mnr. M.H. Greeff as sy opvolger aangestel.

Die ontwikkeling wat ten spyte van die swak finansiële posisie van die land en die ontwrigting wat die Tweede Wêreldoorlog meegebring het, plaasgevind het, getuig veral van die welslae van 'n benadering wat ten doel gehad het om die onderwyser as opvoeder en die kind as opvoedeling meer tot sy reg te laat kom.

5. <u>Snelle onderwysontwikkeling, stelselmatige ondersoek van die onderwys en toekomsbeplanning 1949-1960</u>

Hierdie/ ... 422

Hierdie tydperk is ingelui deur die konstitusionele verandering wat in 1949 deur die Unieparlement goedgekeur is. Die onderwys het nou die direkte verantwoordelikheid van die Wetgewende Vergadering met die Administrateur-in-Uitvoerende Komitee as uitvoerende gesag geword. Hierdie verandering asook die naoorlogse ekonomiese voorspoed het die onderwysontwikkeling versnel. Die ontwikkeling het gepaard gegaan met die uitbreiding van bestaande dienste, die instelling van nuwe dienste en 'n stelselmatige ondersoek van die onderwys met die oog op toekomsbeplanning.

a. Snelle onderwysontwikkeling 1949-1960

Skoolkomitees het voortgegaan om hulle funksies soos deur die Wet voorgeskryf, uit te voer. Die gemeenskap en instansies wat die ouer verteenwoordig het, kon egter nie aanvaar dat die skoolkomitee as verteenwoordigende liggaam van die ouers nie seggenskap by die aanstelling van die onderwyser gehad het nie. Veral die Nederduitse Gereformeerde Kerk het sterk vertoë tot die Administrateur gerig vir 'n stelsel van skoolrade en skoolkomitees soos in die Unie en vir die afskaffing van die verplasingstelsel. Die onderhandelings tussen die Uitvoerende Komitee en die Kerk, wat ongeveer tien jaar voortgeduur het, het geëindig met 'n versoek dat 'n kommissie van ondersoek benoem moes word om die hele stelsel en beleid van die onderwys te ondersoek. Volgens die Kerk moes 'n ondersoek na ouerseggenskap een van die opdragte aan so 'n kommissie wees. Ook die Nasionale Party het besluite geneem waarin groter seggenskap vir skoolkomitees gevra is, terwyl die Verenigde Nasionale Suidwesparty die Administrasie by wyse van 'n kongresbesluit versoek het om te verhinder dat plaaslike skoolkomitees toegelaat moes word om die aanstelling van onderwysers te beheer. Uit 'n navraag by indiwiduele onderwysers in 1954 het geblyk dat die minderheid ten gunste van seggenskap van skoolkomitees by die aanstelling van hoofde en assistente was. Besondere omstandighede in Suidwes-Afrika het steeds daartoe bygedra om die uitbreiding van ouerseggenskap te verhinder.

Die Onder-/ ... 423

Die Onderwysersunie het die inisiatief geneem om vertoë vir die oprigting van goed toegeruste kleuterskole tot die Departement te rig. Die Departement moes die verantwoordelikheid vir kleuteronderwys aanvaar en die beginsels van moedertaalonderrig toepas. Die Afrikaanse Christelike Vroueverenigingen het ook aansoek gedoen om 'n hulptoelae vir 'n kleuterskool te Keetmanshoop. Die Direkteur het die versoeke gesteun en die Uitvoerende Komitee het die betaling van hulptoelaes in beginsel aanvaar.

Intussen het die getal leerlinge in primêre skole van 6,965 in 1950 tot 11,174 in 1960 toegeneem, terwyl die inskrywing by sekondêre en hoërskole van 710 tot 3,236 vermeerder het. Gedurende dieselfde tydperk het die primêre skole met elf verminder, terwyl die skole vir sekondêre onderwys met vier vermeerder het. Die sekondêre staatskole te Gobabis en Otjiwarongo het hoërskoolstatus verkry terwyl vier nuwe sekondêre skole opgerig is.

Alhoewel die Uitvoerende Komitee in 1959 in beginsel besluit het dat 'n Engelse hoërskool in Windhoek opgerig moes word, was hierdie besluit in 1960 nog nie uitgevoer nie.

Kapitaaluitgawes vir onderwysgeboue het in die boekjaar 1959/60 £493,429 beloop, teenoor 'n gemiddelde jaarlikse uitgawe van £128,755 gedurende die jare 1946 tot 1950. Onderwysuitgawes, kapitaalwerke uitgesluit, het van £530,424 in die boekjaar 1950/51 tot £1,664,006 vir 1960/61 toegeneem.

Met die toename in die aantal sekondêre en hoërskole het die Direkteur, mnr. Greeff, vertoë vir gedifferensieerde onderwys op die sekondêre vlak aan die Uitvoerende Komitee gerig en op die wenslikheid van die oprigting van komprehensiewe hoërskole, dit wil sê skole wat groot genoeg sou wees om meer as een kursus aan te bied, gewys.

Om in die steeds toenemende behoefte vir tegniese onderwys te voorsien het die Uitvoerende Komitee in 1950 besluit dat kinders wat graag tegniese hoërskole in die Unie wou besoek, behandel sou word asof hulle skole in die gebied besoek. Leerlinge uit Suidwes-Afrika het van hierdie vergunning gebruik gemaak, en

in 1960/ ... 424

in 1960 het 77 seuns en 27 meisies beroepsopleiding op sekondêre vlak in die Unie ontvang. Ten gevolge van die hoë koste verbonde aan tegniese opleiding en die gunstige voorwaardes waaronder leerlinge in die skole van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap kon studeer, is die oprigting van 'n eie inrigting nie beplan nie.

Goeie vordering is met buitengewone onderwys en die instelling van 'n afdeling sielkundige en voorligtingsdiens gemaak. In 1949 het 'n inspekteur van skole verstandstoetse afgeneem met die oog op die stigting van spesiale klasse vir buitengewone onderwys. 'n Begin is in 1950 met hierdie klasse gemaak, en die skole waar sodanige klasse gestig is, moes eie leergange opstel wat by plaaslike omstandighede sou aanpas. Met die oog op beter differensiasie in die onderwys het die aanstelling van bevoegde beamptes om psigometriese toetse af te neem en voorligting te gee 'n vereiste geword. Die pos van departementele sielkundige is geskep, en op 1 April 1952 het dr. J.H.S. Oosthuizen daarin diens aanvaar. In dieselfde jaar is 'n pos van voorligter geskep, waarin mnr. D.F. Barnard op 1 Januarie 1953 diens aanvaar het. Na die aanstelling van die twee beamptes is Ordonnansie no. 18 van 1953, wat buitengewone onderwys gereël het, deur die Wetgewende Vergadering aangeneem. Hierdie ondonnansie het buitengewone onderwys op 'n vaste grondslag geplaas en toekomstige optrede verseker. Die Direkteur kon hiervolgens leerlinge as afwykend sertifiseer en verseker dat diegene wat nie in die gewone skool kon vorder nie, spesiale onderwys sou ontvang. Na die klein begin in 1950 was daar in 1960 69 seuns en 27 meisies in die junior klasse, ook genoem geleentheidsklasse, wat vir kinders onder die ouderdom van veertien jaar bedoel was. In Windhoek is 'n skool vir senior afwykende seuns gestig en klasse vir senior meisies is by een van die primêre skole ingerig. Aanvullend tot 'n kernkursus van vier akademiese vakke wat uit Afrikaans, Engels, Rekenkunde, Geskiedenis en Aardrykskunde gekies kon word, het die seuns praktiese kursusse in Bouwerk en Landbou en die meisies in Huishoudkunde ontvang.

Weens die/ ... 425

Weens die beperkte getal liggaamlik afwykendes is gevalle op 'n vrywillige grondslag na geskikte skole in die Unie gestuur. Die Administrasie het die nodige toelaes aan skole betaal, finansiële hulp aan ouers verleen en die verantwoordelikheid vir begeleierskoste aanvaar.

In 1954 is 'n rondreisende onderwyseres in Windhoek aangestel om leerlinge met spraakgebreke te behandel. Alhoewel 'n kliniek vir die terapeutiese behandeling van afwykende leerlinge reeds in 1952 goedgekeur is, is daar eers in 1960 'n klinikus aangestel.

Die skoolvoorligter het dadelik begin met die grondwerk, naamlik die afneem van toetse en die samestelling van kumulatiewe kaarte vir leerlinge. In 1953 is tyd ingeruim vir algemene en beroepsvoorligting en in 1954 is 'n opname van die beroepsbehoeftes van alle standerd VI-leerlinge gemaak met die oog op die studierigtings in die sekondêre skool. In 1956 het die Junior Sekondêre kursus vir Voorligting as vak voorsiening gemaak en moes aandag aan 'n leergang vir die vak gegee word.

Nadat dr. Oosthuizen in 1955 hoof van die skool vir senior afwykende seuns geword het, is die pos nie weer gevul nie en in 1959 is dit afgeskaf. In die plek daarvan is 'n pos van hoofskoolvoorligter geskep en 'n addisionele pos van skoolvoorligter goedgekeur. Die voorligtingsdienste kon nou op gesonde voet geplaas word.

Die skoolorganisasie het in die algemeen vlot verloop en hoofonderwysers het die nodige professionele leiding gegee deur gereeld klasbesoek te doen, leiding aan onervare onderwysers te gee, die skriftelike werk van leerlinge en die voorbereiding- en verslagboeke van onderwysers te kontroleer. Die administratiewe pligte van skoolhoofde is verlig deur die aanstelling van 'n assistent-onderwyser as skriba, en in 1959 is vir die eerste keer onderhoofposte geskep en aanstellings daarin gemaak.

Op aandrang van ouers, die Onderwysersunie en die Kerk is die skoolkalender in 1953 so gewysig dat skole na vakansies op Dinsdae in plaas van op Maandae heropen het.

Die behoefte aan meer en doeltreffender aanskou-

ings-/ ... 426

ingsmateriaal en hulpmiddele het toegeneem. In 1950 het vyf en in 1956 21 skole strokiesprojektors gehad. Die Departement het die aankoop van strokiesfilms aangemoedig deur hulptoelaes aan skole te betaal. Apparaat vir Liggaamlike Opvoeding kon op die pond-vir-pond-basis aangekoop word.

Die verskaffing van skoolboeke en skryfbehoeftes teen verminderde pryse aan behoeftige leerlinge is in 1952 uitgebrei na leerlinge in sekondêre en hoërskole, en 'n belangrike voorwaartse stap is gedoen toe skoolgeld, wat vir sekondêre onderwys betaalbaar was, in 1956 afgeskaf is. Dit het saamgeval met die aansluiting van die standerd VI-leerlinge by die sekondêre skool.

Buitemuurse aktiwiteite het steeds aandag geniet. Skoolkadette is weer ingestel, met die finansiële steun van die Administrasie is 'n sportstadion gebou waar die jaarlikse tussenskoolse en plaaslike atletiekbyeenkomste kon plaasvind, en in 1960 het die jaarlikse kunswedstryd weer herleef.

Die snelle uitbreiding van die na-primêre onderwys het dit al moeiliker gemaak om bekwame onderwysers te vind om in die vraag na onderwysers in Natuur- en Skeikunde, Engels en Latyn, veral, te voorsien, nieteenstaande 'n poging deur die Administrasie om ruim studiebeurse aan studente wat bereid was om hulle in bogenoemde vakke te laat oplei, te bied.

Die persentasie getroude vroue het steeds toegeneem. 'n Besef van die noodsaaklikheid om onderwysers beter voor te berei vir hulle taak het die aandag sterk op indiensopleiding laat val. 'n Organiseerder vir Hout- en Metaalwerk is in 1957 en 'n organiseerder vir Kindertuinmetodiek in 1960 aangestel. Hierdie persone het professionele leiding op die onderskeie vakgebiede gegee. Alhoewel die hou van kortkursusse in beginsel deur die Uitvoerende Komitee in 1956 goedgekeur is, is daar slegs een kursus in aanvangsonderwys, nl. in 1959, gehou. 'n Oorsese uitruilskema vir onderwysers is met finansiële steun van die Administrasie in werking gestel en uitruilings met onderwysers in Engeland, Duitsland en Australië is in 1960 goedgekeur en deur onderwysers benut.

Die diens-/ ... 427

Die diensvoorwaardes van onderwysers is verbeter deur die aftreeouderdom tot 60 en 63 jaar vir vroue en mans onderskeidelik te verhoog. Verder sou 'n Kommissie van drie 'n aanklag van wangedrag teen 'n onderwyser oorweeg en aanbevelings by die Direkteur maak. Vakansieverlof is aan tydelike onderwysers toegestaan; politieke en burgerregte is aan onderwysers toegeken; die betaling van 'n toelaag van £100 per jaar aan opgeleide onderwysers is goedgekeur; bevorderingsposte as onderhoofde is geskep en salarisverhogings is in 1954 en 1958 verkry.

In 1950 het verteenwoordigers van die Duitse bevolking die Wetgewende Vergadering met 'n versoekskrif genader waarin aansoek gedoen is om die herinstelling van Duitse afdelings by staatskole, vir die gebruik van Duits as voertaal in daardie afdelings en vir finansiële steun aan privaatskole. Die Wetgewende Vergadering het dit aan die Uitvoerende Komitee opgedra om die nodige stappe te doen om moedertaalonderwys in alle regeringskole te herstel, Duits as medium van onderrig in regeringskole te herstel, waar omstandighede dit regverdig, en privaatskole gelyke beregtiging ten opsigte van finansiële bystand te verleen. Die Uitvoerende Komitee het die herstel van moedertaalonderwys onderneem en 'n kommissie aangestel om ondersoek na die versoeke van die Duitsers in te stel. Die aanbevelings van die Kommissie het daarop neergekom dat aan feitlik al die versoeke voldoen is. Die Uitvoerende Komitee het die aanbevelings goedgekeur, maar die Onderwys Proklamasie is nie dienooreenkomstig ten opsigte van moedertaalonderwys en die herstel van Duitse taalregte gewysig nie.

Vertoë deur die Onderwysersunie en ook deur die Kerk het aanleiding daartoe gegee dat die grense vir leerplig vanaf 1955 gewysig is. Die onderste grens is so gewysig dat 'n kind wat op of na die eerste dag van Januarie van enige jaar die ouderdom van sewe jaar bereik, 'n skool vanaf die eerste dag van die skooljaar moet besoek. Die einde van die jaar waarin die kind die ouderdom van sestien jaar bereik het, tensy hy die agste standerd reeds met goeie gevolg afgelê het, was die boonste grens. Toegewings is gemaak ten opsigte van die ouderdom waarop kinders vir die eerste keer tot

'n skool/ ... 428

'n skool toegelaat mag word. Aanvanklik is bepaal dat 'n kind 'n skool mag besoek indien hy voor 31 Maart van die betrokke jaar die ouderdom van ses jaar bereik het, maar later is 31 Maart vervang met 30 Junie. Die verhoging van die boonste grens het die getal leerlinge in die sekondêre skole aansienlik laat toeneem.

Met die aansluiting van die standerd VI-kursus by die Junior Sekondêre kursus moes die leerplan vir sowel die primêre as die sekondêre skool gewysig word. Aangesien dit nie moontlik was om self al die leerplanhersiening te onderneem nie, is besluit om vanaf 1956 weer die Kaapse leerplanne met die nodige aanpassings, in te voer. Die nuwe vakke, nl. Omgewingsleer vir substanderd A tot standerd II (in die plek van Aardrykskunde, Geskiedenis en Natuurleer), Kuns en Kunsvlyt (in die plek van Teken), Musiek en Sang (in die plek van Sang) en Beroepsvoorligting vir standerd V, is nou in die leerplan opgeneem. In 1960 het die hersiene leergange vir die primêre skool van die Kaapse Onderwysdepartement die bestaande leergange vervang, nadat sekere aanpassings in die leergange vir Omgewingsleer, Geskiedenis, Aardrykskunde en Natuurleer gemaak is. Die Skrifleergang is in 1960 gewysig, sodat met drukskrif in die aanvangsklasse begin en daarna na lopende skrif oorgeskakel word.

Die verhoogde leerplig en die aansluiting van die standerd VI-leerlinge by die sekondêre skool het die inskrywing verhoog en ook 'n nuwe benadering van die onderwys op die sekondêre vlak meegebring. Ten gevolge van die groter getal leerlinge kon meer kursusse aangebied word, en die verhoogde skoolplig het die aanpassing van kursusse by die vermoë en aanleg van leerlinge noodsaaklik gemaak. Binne die raamwerk van die voorgeskrewe vakke is akademiese, handels- en handwerkkursusse saamgestel en in 1956 in standerd VI toegepas. As verpligte vakke moes alle leerlinge Godsdiensonderwys, Liggaamlike Opvoeding, Musiek, Kuns en Voorligting neem.

In 1958 is die eerste openbare Junior Sertifikaateksamen volgens die nuwe leerplan deur die Departement self afgeneem. Vir hierdie doel is 'n departementele eksamenkomitee ingestel om die eksamen te be-

heer./ ... 429

heer. Die afneem van hierdie eksamen was 'n baie belangrike gebeurtenis in die ontwikkelingsgeskiedenis van die onderwys. Die leerplanne vir die Kaapse Senior Sertifikaat is in 1959 ingevoer, die Kaapse Onderwysdepartement het ingestem om as eksaminerende liggaam op te tree en Suidwes-Afrika het verteenwoordiging op die Eksamenkomitee van die Kaapse Departement gekry.

Die geneeskundige diens aan skole het tot aan die begin van 1955 bly voortbestaan, toe sowel die geneesheer as die verpleegster bedank het. Die vakature vir 'n geneeskundige inspekteur is sonder sukses geadverteer, en om die probleem die hoof te bied is 'n voorstel van die Direkteur van Gesondheidsdienste aanvaar dat streeks mediese beamptes, wat ook die skool mediese dienste sou behartig, in sy afdeling aangestel word. Tot in 1960 is slegs pogings aangewend om die diens in stand te hou.

Aan die begin van 1950 is die plattelandse koshuise deur die staat oorgeneem en het die getal kosgangers van 3,782 in 1950 tot 5,492 in 1960 toegeneem. Nieteenstaande ruimer voorsiening op die bouprogram het die koshuisakkommodasie onvoldoende gebly en kon die goedgekeurde minimumvloeroppervlakte per kosganger nie in alle koshuise gehandhaaf word nie. Die Administrasie het beter geriewe by koshuise geskep deur elektriese kragopwekkers en beligting te installeer, die ondoeltreffende staalklerekaste deur ingeboude kaste te vervang, gaasdraad voor die deure en vensters van eetsale en kombuise aan te bring en yskaste te voorsien.

Die diensvoorwaardes van huishoudelike personeel is aantrekliker gemaak deur werknemers as administrasiewerknemers aan te stel. Opsigters is tegemoet gekom deur 'n kwota van een opsigter vir elke 40 leerlinge vas te stel en voorligting is deur inspekteurs van skole en die organiseerster van Huishoudkunde en Naaldwerk gegee.

Sedert die eerste onderwysproklamasie is losiesgeld vir kosgangers van tyd tot tyd gewysig, maar in 1960 was dit presies dieselfde as in 1921. Intussen het die gemiddelde jaarlikse uitgawe per kosganger van £20 8s. in 1930 en £45 6s. in 1950 tot £84 16s. in

1960/ ... 430

1960 vermeerder. Losiesgeld het veral die boerebevolking geraak, en die ekonomiese posisie van die boere was ten gevolge van herhaalde periodieke droogtes en veesiektes nooit so dat losiesgeld met stygende koshuisuitgawes tred kon hou nie.

Die Departement van Onderwys was reeds sedert 1929 besig om aandag aan voortgesette en volwasse onderwys te gee, maar in 1954 is vir die eerste maal amptelik besluit dat dit 'n funksie van die Departement sou wees. In die wetgewing was nie vir hierdie funksie voorsiening gemaak nie. Afgesien van kursusse in Tale, Tikskrif en Snelskrif, wat reeds bestaan het, is daar ook 'n begin gemaak met kursusse in Kleremakery, Koekversiering, Blommerangskikking en Hoedemakery.

Om tred te hou met die ontwikkeling is 'n vierde inspekteur, mnr. P.J. Brand in 1953 aangestel. Na die afsterwe van dr. Lemmer het dr. Miller hoofinspekteur geword en is dr. P.S. Malan tot inspekteur bevorder. In 1956 is 'n pos van adjunk-direkteur van onderwys geskep en mnr. A.J. Koen van Transvaal is in die pos aangestel. Met sy terugkeer na Transvaal in 1958 het mnr. J.D. Möhr, hoofinspekteur van die Kaapse Onderwysdepartement, hom opgevolg. In 1958 is die pos van hoofinspekteur afgeskaf en is die bekleër daarvan in 'n nuwe pos, nl. professionele assistent, aangestel.

In 1959 het mnr. M.H. Greeff uit die diens getree en is hy deur mnr. J.D. Möhr opgevolg.

b. Stelselmatige ondersoek van die onderwys

Na aanleiding van die snelle ontwikkeling wat op die gebied van die onderwys plaasgevind het, die nuwe eise wat die naoorlogse wêreld aan die onderwys gestel het, die verhoging van die boonste grens vir leerplig, die aansluiting van die standerd VI-kursus by die sekondêre kursus, vertoë van instansies en veral die Kerk om groter seggenskap van ouers by die aanstelling van onderwysers het die Uitvoerende Komitee besluit om 'n kommissie aan te stel om ondersoek in te stel en verslag uit te bring oor die onderwys in Suidwes-Afrika en voorts om 'n langtermynonderwysbeleid vir Suidwes-Afrika te formuleer.

Die Administrateur het die Kommissie op 23 Februarie 1956 aangestel, met mnr. A.J. Koen,

ds. J.T./ ...431

ds. J.T. Potgieter, dr. W.B. Miller, dr. K. Frey en dr. J.H.S. Oosthuizen as lede. Mnr. Koen is as voorsitter aangewys.

Die Kommissie het 'n wye opdrag gehad wat feitlik die hele onderwysveld gedek het en hy het ook die opdrag in sy wydste betekenis geïnterpreteer. In die verslag, wat in Februarie 1958 gereed was, het die Kommissie verslag gedoen en aanbevelings gemaak in verband met skoolpligverhoging en gedifferensieerde onderwys, die wenslikheid van komprehensiewe skole in Suidwes-Afrika, leerplanne, eksaminering, skoolsielkundige diens en voorligting, geneeskundige dienste, godsdiensonderrig, taalonderrig en taalmedium met spesiale verwysing na Duits, koshuisorganisasie en die versorging van die kosgangers, onderwysgeboue, sentralisasie of desentralisasie van die onderwys, personeelvoorsiening, die wenslikheid van die oprigting van 'n onderwyserskollege, die opleiding van diensdoende onderwysers, klerklike hulp by skole, onderwys vir volwassenes, kleuterskole, ouerseggenskap, die adverteer van prinsipaalsposte, die wenslikheid van die instelling van 'n onderwysadviesraad, die organisasie van die Onderwysdepartement, subsidiëring van privaatskole en die wysiging van die onderwyswet om by die veranderde omstandighede aan te pas.

In sekere opsigte het die Kommissie die bestaande beleid bevestig, terwyl in ander gevalle 'n nuwe beleid aanbeveel is.

c. <u>Toekomsbeplanning</u>

In afwagting van die verslae van kommissies van ondersoek na nie-blankeonderwys het die Uitvoerende Komitee eers die aanbevelings van die verslag op 18 November 1959 oorweeg en 'n beleid vir die toekomsbeplanning van die onderwys goedgekeur.

Nieteenstaande die aanbeveling dat 'n onderwysadviesraad weer vir Suidwes-Afrika ingestel word, het die Uitvoerende Komitee besluit dat afsonderlike vaste departementele komitees deur die Direkteur aangestel moet word om in 'n raadgewende hoedanigheid op spesifieke gebiede diens te lewer; 'n boubeplanningskomitee vir die beplanning van skool- en koshuisgeboue, 'n ek-

samen/ ... 432

samenkomitee vir die beheer van departementele eksamens, 'n komitee vir die keuring van boeke en beplanning van skoolbenodigdhede vir die primêre skool en 'n gebouebehoeftekomitee is in vooruitsig gestel. In 1960 het al hierdie komitees, behalwe die komitee vir die primêre skool, reeds gefungeer.

Die beginsel van seggenskap van ouers in die opvoeding van die kind is in beginsel aanvaar, en die ouer het die geleentheid om deur sy gekose verteenwoordiger in die Wetgewende Vergadering mee te spreek by die bepaling van onderwysbeleid. Verder het hy seggenskap in die skoollewe van sy kind deur die verkiesing van 'n skoolkomitee. Die beginsel dat skoolkomitees seggenskap by die aanstelling van onderwysers kon hê, is ook aanvaar maar aanvanklik beperk tot die aanstelling van skoolhoofde. By so 'n aanstelling adverteer die Direkteur die vakante pos, ontvang en keur die aansoeke en lê 'n lys van name van gekeurde applikante aan die skoolkomitee voor, waaruit die komitee 'n keuse maak vir aanstelling deur die Direkteur. Indien nie een van die gekeurde kandidate vir die skoolkomitee aanneemlik is nie, kan die saak met die Direkteur bespreek word en sy beslissing sal finaal wees. Die beleid dat die Direkteur onderwysers kon verplaas, is gehandhaaf, met dien verstande dat die wense van die betrokke skoolkomitees sover moontlik in ag geneem word.

Die bestaansreg van kleuterskole, maar nie as integrerende deel van die onderwysstelsel nie, is onderskryf. In die toekoms sou geldelike steun van £18 8s. per leerling per jaar in die geval van verdienstelike kleuterskole oorweeg word, op voorwaarde dat die skool 'n nie-winsgewende onderneming deur plaaslike instansies sou wees, genoeg leerlinge voordeel uit die skool sou trek, die beskikbare fasiliteite bevredigend en die aktiwiteite van die skool deur die Direkteur goedgekeur word. Alle kleuterskole moes by die Departement geregistreer word en sou onderhewig aan inspeksie wees.

Die ontwikkeling in Suidwes-Afrika het getoon dat die voortbestaan van die klein skooltjies op die platteland in meer as een opsig deur 'n toenemende neiging tot sentralisasie bedreig is. By die oprigting en sluiting van skole is aansienlike kapitaaluitgawes

betrokke/ ... 433

betrokke, en om dus die voortbestaan van nuwe skole in 'n redelike mate te verseker is besluit dat primêre skole waaraan koshuise verbonde was, alleenlik opgerig kon word indien daar goeie rede was om aan te neem dat die leerlingtal konstant sou bly en minstens vier onderwysers sou regverdig. Skole sonder koshuise kon gestig word mits dit minstens twee onderwysers sou regverdig. Bestaande primêre skole sou toegelaat word om voort te bestaan totdat hulle vanself sluit, met die voorbehoud dat waar skool- of koshuisgeboue deur nuwes vervang moes word, dit as die stigting van 'n nuwe skool beskou sou word. Met die oog daarop om by sekondêre en hoërskole opvoedkundige geleenthede te skep wat sou pas by die behoeftes van indiwiduele leerlinge, is 'n beleid wat die desentralisasie van sekondêre onderwys sou beperk, neergelê. Die oprigting van 'n sekondêre skool sou slegs oorweeg word indien die voedingskole 'n minimuminskrywing van 50 leerlinge per taalmedium in standerd VI kon verseker. Die opening is egter gelaat om in uitsonderlike gevalle waar ouers weens die uitgestrektheid van die gebied, tog op sekondêre onderwysfasiliteite aanspraak kon maak, sekondêre skole te stig. Die oprigting van 'n hoërskool sou afhang van die vraag na sodanige onderwys en van genoegsame getalle om 'n mate van gedifferensieerde onderwys te regverdig.

Die reg om 'n privaatskool te stig is aanvaar op voorwaarde dat die skool by die staat geregistreer sou word, die skool onderhewig aan die heersende wette, regulasies en inspeksie sou wees, en, sover dit die onderrig van skoolpligtige leerlinge betref, 'n peil van onderrig waarmee die Direkteur tevrede sou wees, sou handhaaf. Alleen privaatskole wat onderwysgeleenthede waarvoor die staat nie voorsiening maak nie, verskaf het, sou gesubsidieer word. Bestaande ondersteunde skole wat wel dieselfde onderrig aanbied as waarvoor staatskole voorsiening maak, sou voortgaan om die subsidie te ontvang. Die leerlingkwota vir subsidie is egter vasgepen.

Deur middel van die Boubeplanningskomitee sou die Direkteur standaardplanne vir skool- en koshuislokale tot die beskikking van die Direkteur van Werke stel, wat dan in oorleg met die Direkteur die geboue

sou beplan./ ... 434

sou beplan. Nadat die voorlopige sketsplanne deur die Direkteur van Onderwys goedgekeur is, moes die Direkteur van Werke toesien dat die geboue opgerig word. By die beplanning van koshuise is sekere minimumvereistes waaraan voldoen moes word, voorgeskryf. Die wenslikheid om, waar die getalle dit toegelaat het, aparte koshuise vir junior kosgangers op te rig, moes nie uit die oog verloor word nie. Die Administrasie moes die gelykmaak van skoolterreine, insluitende die terrein benodig vir sportvelde, onderneem, terwyl die skole self vir die aanlê van die sportgeriewe, tuine en ander opvoedkundige fasiliteite verantwoordelik sou wees. Die beleid vir die instandhouding van onderwysgeboue is neergelê en die Direkteur sou met behulp van die Gebouebehoeftekomitee die jaarlikse bouprogram opstel en prioriteit aan sy eie boubehoeftes gee.

Aangesien daar onderhoofposte by sekere skole goedgekeur is, het die Uitvoerende Komitee nie op daardie stadium klerklike hulp aan skole goedgekeur nie.

Die personeelvoorsieningskale vir skole is hersien, en ten einde makliker 'n vierde onderwyser in die personeel van 'n klein primêre skool te kry, is die skaal soos volg gewysig: een onderwyser vir 15 leerlinge, twee vir 30, drie vir 60, vier vir 85, vyf vir 125 en daarna een onderwyser vir elke volle 35 leerlinge. Die verbeterde personeelvoorsiening sou die opsigtersposisie in koshuise verbonde aan kleiner skole, gunstiger maak. Verder kon alle skole wat hierdeur bevoordeel sou word, die beginnersklasse, waar die fondamente vir verdere onderrig gelê word, kleiner maak. In sekondêre en hoërskole sou personeel volgens die behoeftes van elke skool voorsien word, maar in geen geval sou die leerling-onderwyserkwota laer as 20 tot een wees nie en normaalweg in groter skole nie laer as 25 tot een nie.

Besondere aandag is aan die opleiding van die onderwyser gegee. Vir die opleiding van voornemende onderwysers sou die Administrasie voortgaan om studielenings en beurse toe te staan. Die Direkteur het egter opdrag ontvang om ondersoek na die oprigting van 'n opleidingskollege vir primêre onderwysers in te stel. Met die oog op die opleiding van diensdoende onderwysers is op groot skaal beplan en die volgende is besluit:

om 'n / ... 435

om 'n doeltreffende naslaanbiblioteek vir onderwysers in te rig; die inspekteur se taak so in te deel dat hy die tyd kon vind om gereeld die nodige leiding aan onderwysers te gee en veral gedurende skoolvakansies self te studeer; gereeld kortkursusse te hou en om die kursusgangers se reiskoste te vergoed en teen lae tariewe in koshuise te huisves ten einde die onderwysers tot bywoning van die kortkursusse aan te moedig; gereeld streekskonferensies vir onderwysers te hou; sekondêre onderwysers die nodige verlof te gee om kortkursusse by universiteite in die Unie by te woon en hulle reiskoste te betaal; beurse en lenings aan onderwysers en professionele amptenare van die Departement beskikbaar te stel vir studie in die Unie en ander lande ter verbetering van hulle kwalifikasies en om studieverlof aan onderwysers toe te staan. Studieverlof sou op so 'n voorwaarde toegestaan word dat 'n onderwyser na elke vyf jaar diens sy kwartaal vakansieverlof kon inboet om een jaar studieverlof met halwe of twee jaar met kwartsalaris kon neem. Indien 'n onderwyser sy vakansieverlof tien jaar lank sou laat oploop, kon studieverlof vir een jaar met volle salaris en twee jaar met halwe salaris aan hom toegestaan word. Om studieverlof te kon neem moes 'n onderwyser bewys lewer dat hy vir 'n goedgekeurde kursus by 'n universiteit of opleidingsinrigting ingeskryf was en onderneem om na afloop van sy studieverlof minstens drie jaar lank sy dienste aan Suidwes-Afrika beskikbaar te stel. In 'n uitgestrekte en afgeleë gebied soos Suidwes-Afrika is die opleiding van diensdoende onderwysers noodsaaklik.

Duits as voertaal vir Duitssprekende leerlinge is andermaal grondig ondersoek. Die bestaande beleid van Duitsmediumonderrig tot standerd IV moes in die lig van die oorplasing van die standerd VI-leerlinge na die sekondêre skool in heroorweging geneem word. Die hersiene beleid het bepaal dat Duits die voertaal tot standerd V sou wees, in standerd I sou met die onderrig van Engels en in standerd III met Afrikaans begin word. Aangesien baie van die Duitssprekende leerlinge hulle sekondêre onderwys deur medium Afrikaans ontvang het, moes heelwat meer tyd in standerd III tot V aan die aanleer van Afrikaans, ten koste van Engels en

veral/ ... 436

veral Duits, bestee word. Om die verandering van medium ná standerd V vir die leerlinge te vergemaklik moes in standerd IV begin word met die onderrig van Gesondheidsleer en in standerd V ook met Aardrykskunde deur die taalmedium wat na standerd V gebruik sou word. Die beleid bevestig ook die standpunt van die Duitse leiers dat in die twee aanvangsjare slegs Duits as taal en deur medium Duits onderrig moes word.

Die beginsel van moedertaalonderwys is andermaal bevestig. Daar is neergelê dat die taal wat die kind by eerste toelating tot 'n skool die beste praat en verstaan, as huistaal beskou moes word en dat dit normaalweg die voertaal sou wees waarin hy onderrig moes ontvang. Waar 'n leerling twee tale ewe goed magtig was, het die ouer die reg gehad om te kies watter een die voertaal sou wees. Die medium van onderrig kon nie gedurende die kind se skoolloopbaan in die primêre skool verander word nie, behalwe met goedkeuring van die Direkteur, wat sy toestemming slegs om baie grondige redes sou verleen. Indien 'n ouer verlang het dat die medium van sy kind se sekondêre onderrig verander moes word, sou dit alleenlik toegelaat word as die skoolhoof en die inspekteur kon getuig dat die kind bedrewe genoeg was in die ander taal om deur medium daarvan onderrig te word. Die Direkteur sou die beslissende stem hê, en indien 'n ouer hom verongelyk gevoel het, kon hy hom op die Administrateur om 'n eindbeslissing beroep.

Die wetlike voorskrif dat skole elke môre met Skriflesing en gebed geopen moes word, is gehandhaaf. Volgens die goedgekeurde beleid word godsdiensonderrig nie beperk tot die lesure wat op die rooster aangegee is nie. Al die verrigtinge van die skool moes op die Bybel gegrond wees met die doel om by die kind 'n Christelike lewenstyl aan te kweek. Die tyd vir Godsdiensonderrig op die rooster is gewysig na 1½ uur per week in die substanderds, 2½ uur per week in standerds I tot IV, 1½ uur per week in standerds V tot VIII en een uur per week in standerds IX en X. 'n Nuwe leergang vir alle standerds sou opgestel word met dié van Kaapland as leidraad, en sodra die leergang beskikbaar was, moes een of meer geskikte persone tydelik in diens geneem word om skole te besoek en aan die betrokke onderwysers/ ... 437

derwysers die nodige leiding te gee. In die primêre skool moes die godsdiensonderrig deur die klasonderwyser waargeneem word en in die sekondêre skool moes spesiaal opgeleide persone vir die doel gebruik word. Indien daar nie opgeleide onderwysers beskikbaar was nie, moes die vakonderwysers die onderrig gee. Voorsiening is gemaak vir die vrystelling van kinders en onderwysers wat gewetensbesware gehad het.

Die aanvaarde beleid om die leerplanne en leergange van die Kaapse Onderwysdepartement vir alle standerds tot die tiende standerd te gebruik, is gehandhaaf. In die primêre skool is slegs een kursus vir alle leerlinge aangebied, met die uitsondering van aparte vorms van handwerk vir seuns en meisies. Vir Duitssprekendes is die nodige aanpassings in ooreenstemming met die goedgekeurde beleid gemaak. Die leerplan het kulturele vakke, kennisvakke en handvaardigheidsvakke ingesluit. Differensiasie, om voorsiening vir verskil in bekwaamheid te maak, het geskied deur verskil in tempo van vordering, verryking en uitbreiding van die leerstof vir die begaafde leerling, verdunning van die leerstof vir die laer normale leerling en remediërende onderwys om agterstand wat mag ontstaan het, in te haal. Verstandsafwykende leerlinge wat normaalweg onder die ouderdom van veertien jaar was, het onderwys in geleentheidsklasse wat aan gewone primêre skole verbonde was, ontvang.

In die Junior Sekondêre Kursus is op die breë grondslag van die primêre skool voortgebou, maar die geleentheid is aan die kind gebied om 'n studierigting te kies wat by sy bekwaamheid, aanleg en belangstelling sou aanpas. Om hierdie keuse te vergemaklik sou die eerste jaar van die kursus as 'n verkenningsjaar beskou word en kon die leerling agt eksamenvakke bestudeer waaruit hy, onderhewig aan sekere bepalings, aan die einde van die jaar ses vakke vir verdere studie kon kies. Die kursus het vir kulturele vakke, 'n verpligte kern van kennisvakke en verder differensiasie ten opsigte van vakkeuse voorsiening gemaak. Differensiasie na binne het geskied deur verdunning of verryking van die leerstof met 'n prikkel aan die begaafde leerling om deur selfwerksaamheid meer gevorderde werk van dieselfde soort as deur die leerplan bepaal, te doen.

Die kursus/ ... 438

Die kursus vir senior afwykende leerlinge was tegnies van aard en het, behalwe die beroepsgerigte vakke, ook kulturele vakke en 'n kern van kennisvakke ingesluit. Die laer normale leerling wat reeds vyftien jaar oud was en nie in standerd VI kon slaag nie, kon 'n ingekorte kursus van vyf vakke neem, waarvan Afrikaans en Engels verpligtend was, of hy kon aansluit by die skool vir senior afwykende leerlinge.

In die Senior Sekondêre kursus is vir breër differensiasie voorsiening gemaak, en naas die kulturele vakke was slegs Afrikaans en Engels, een in die hoër graad, verpligtend. Die Gemeenskaplike Matrikulasieraad het goedkeuring verleen dat 'n Duitssprekende leerling in Suidwes-Afrika Duits Hoër Graad vir die Matrikulasie-eksamen kon aanbied, mits hy ook Afrikaans en Engels, waarvan een ook in die hoër graad, aangebied het. Indien die kandidaat Duits Hoër Graad geslaag het, sou hy van die verpligting om die ander taal in die hoër graad te slaag, vrygestel word.

Die toekomsbeleid het vir 'n nuwe benadering in verband met eksaminering voorsiening gemaak. Sover moontlik sou die tradisionele formele eksamens in die loop van die jaar vervang word deur 'n stelsel van kumulatiewe en progressiewe toetsing wat daarop gemik was om vir die onderwyser aan te dui in hoeverre sy onderrig geslaag was, te bepaal in hoe 'n mate indiwiduele leerlinge die leerstof bemeester het en aan hom statistiese gegewens van die gehalte van elke leerling se werk dwarsdeur die jaar te verstrek. Aan die einde van die skooljaar moes vir alle klasse, uitgesonderd die substanderds, standerd VIII en standerd X, 'n volwaardige eksamen intern afgeneem word. Wanneer oor die bevordering van leerlinge besluit moes word, sou die jaarsyfer in aanmerking geneem word. Interne bevordering sou die verantwoordelikheid van die skoolhoof met sy personeel wees, en die kringinspekteur sou die nodige kontrole uitoefen.

In die substanderds sou geen formele eksamens afgeneem word nie, in standerd VIII 'n departementele eksterne eksamen en in standerd X sou die kandidate die Senior Sertifikaat-eksamen van die Kaapse Onderwysdepartement skryf.

Die/ ... 439

Die geneeskundige dienste vir skole sou die verantwoordelikheid van die Direkteur van Gesondheidsdienste bly en hy sou reël dat leerlinge gereeld deur die streeksgesondheidsbeamptes ondersoek word. Normaalweg sou leerlinge van die ouderdomsgroep 6-7 jaar, 12-13 jaar en 17-18 jaar by wyse van roetine medies ondersoek word. Verder sou leerlinge wat by 'n vorige ondersoek aangesê is om behandeling te ontvang, weer aandag geniet, asook die leerlinge wat deur die skoolhoof op grond van verdagte liggaamlike swakheid of onbevredigende skoolwerk moontlik ten gevolge van liggaamlike gebreke, onder die aandag gebring word. Die nodige verslagkaarte moes gehou word, en die skoolhoof moes by ouers op die uitvoering van die aanbevelings van die mediese beamptes aandring. Verpleegsters aan staats- of staatsondersteunde inrigtings verbonde, sou ook roetineondersoeke by skole en koshuise uitvoer om die werk van die gesondheidsbeamptes op te volg of om self minder ernstige gevalle te behandel.

Die sielkundige en voorligtingsdiens sou na drie skoolvoorligters uitgebrei word, en in Windhoek sou 'n kliniek opgerig word met 'n klinikus in beheer. Die skoolvoorligter in Windhoek sou as die senior beskou word en hy sou in beheer van dié opvoedkundige hulpdiens staan. Die funksies van die diens sou die volgende insluit: gereelde besoeke aan skole, die verlening van deskundige advies en hulp aan skoolhoofde en inspekteurs, gereelde intelligensie- en skolastiese meting, indiwiduele toetsing van leerlinge met die oog op spesiale onderwys, beroepsvoorligting aan leerlinge wat op die punt staan om die skool te verlaat, opleiding van onderwyservoorligters en die verskaffing van kliniese behandeling aan leerlinge wat ernstige leer-, gedrags- of aanpassingsprobleme openbaar.

Ongeveer veertig persent van die skoolkinders in die gebied word hulle hele skoollewe in koshuise gehuisves; derhalwe is dit noodsaaklik dat koshuise ware opvoedingsinrigtings moet wees. Die Uitvoerende Komitee het gevolglik die hele koshuisbeleid deeglik oorweeg en 'n groot aantal besluite geneem wat sowel die administratiewe as die opvoedkundige aspekte van koshuise raak.

Die ouers/ ... 440

Die ouers sou seggenskap in koshuissake kry deur 'n koshuiskomitee met adviserende magte. Die koshuiskomitee sou in die praktyk uit die lede van die skoolkomitee bestaan. Telkens wanneer die skoolkomitee as koshuiskomitee vergader, moes hy as sodanig vir die doel rekonstitueer. Die skoolhoof en superintendent sou ex officio-lede van die koshuiskomitee wees. Elke koshuis sou onder die direkte beheer van 'n superintendent, wat deur die Departement aangestel word, staan. As vergoeding vir sy diens sou hy vry losies en inwoning vir homself, sy eggenote en kinders onder die skoolgaande ouderdom ontvang. In groter koshuise sou die superintendent ook 'n toelae kry met die doel om, indien nodig, klerklike hulp daarmee te verkry. Waar die skoolhoof nie persoonlik as superintendent kon optree nie, sou hy namens die Departement algemene toesig uitoefen, die beleid beheer en sorg dat skool en koshuis as 'n integrerende eenheid fungeer.

Toesighoudende personeel sou volgens 'n vaste skaal van een opsigter vir elke 25 kosgangers of deel daarvan vir die substanderds en standerd I aangestel word. Vir standerd II tot V was een opsigter vir elke 30 kosgangers of deel daarvan toegelaat en een vir elke 35 kosgangers of deel daarvan in die hoër standerds. Weens die tekort aan opsigters sou dit oorweeg word om woongeriewe vir getroude opsigters by koshuise te voorsien. Om die huishoudelike personeel beter toe te rus is gereelde vakansiekursusse in die vooruitsig gestel.

Aangesien die koshuis met sy personeel gedurende die kwartaal die plaasvervanger van die ouerhuis was, sou daar van die personeel verwag word om van die koshuis 'n ware tuiste met 'n gelukkige atmosfeer van wedersydse hulpvaardigheid, te maak. Deur die daaglikse huisgodsdiens en deur voorbeeldige, liefdevolle en bedagsame optrede moes vir die godsdienstige, geestelike en liggaamlike welsyn van die kosgangers gesorg word. Die kosgangers moes hulpvaardigheidsgewoontes aanleer en in die koshuis met ligter werkies behulpsaam wees. Die koshuispersoneel sou ook doelbewus aandag moes skenk aan die vryetydsbesteding van die kinders met die oog op hulle fisieke en geestelike ontwikkeling. Om doeltreffend in die behoeftes van kinders onder

tien/ ... 441

tien jaar te voorsien moes aparte afdelings vir hulle ingerig word, en by die groter koshuise sou 'n addisionele matrone vir elke volle 50 leerlinge onder die ouderdom van tien jaar aangestel word.

Kosgangers van die onderskeie taalgroepe sou nie in aparte koshuise gehuisves word nie, maar kinders **van** dieselfde taalgroep moes sover moontlik in dieselfde kamers geplaas word en daar moes gepoog word om, waar getalle dit sou regverdig, 'n persoon met dieselfde huistaal as die minderheidsgroep in sowel die toesighoudende as die huishoudelike personeel aan te stel.

Die Direkteur moes in medewerking met instansies wat daarvoor bevoeg was, die nodige dieetskale vir koshuise opstel en toesien dat kosgangers daarvolgens gevoed word. By die aanstelling van koshuispersoneel moes kennis van verpleging in aanmerking geneem word en verder moes die moontlikheid ondersoek word om aan koshuispersoneel voorligting in verband met die versorging en verpleging van kinders te gee. Die skoolvoorligters moes koshuise besoek en die personeel oor kinderontwikkeling inlig.

Die voorwaardes vir toelating tot 'n koshuis, die opstel van eie huishoudelike reëls, losiesgeld, die prosedure om aansoek te doen om afslag op losiesgeld en die invordering daarvan is in die toekomsbeleid omskrywe. Waar superintendente in die verlede vir die invordering van losiesgeld verantwoordelik was, sou hierdie taak nou by die Departement gesentraliseer word.

Koshuise sou, soos in die verlede, met die oog op inspeksie en voorligting deur die inspekteur, die organiseerster van Huishoudkunde en Naaldwerk en die mediese personeel besoek word.

Ten einde volwasse onderwys beter te koördineer sou dit 'n spesifieke taak van die professionele assistent word. Hierdie diens sou in medewerking met plaaslike raadgewende komitees aangebied word op die verskillende plekke waar volwasse onderwys bestaan het of beoog sou word. Die funksies van 'n raadgewende komitee sou wees om vas te stel wat die plaaslike behoeftes was en dit onder die aandag van die Departement te bring, die kanaal te wees waardeur persone die no-

dige/ ... 442

dige reëlings kon tref, die belangstelling vir die diens te stimuleer, toesig daaroor te hou en om as raadgewers vir die Departement op te tree. Die staat sou onderneem om alle goedgekeurde vorms van volwasse onderwys te subsidieer.

Die besluite van die Uitvoerende Komitee, waarin die onderwysbeleid vir die toekoms beliggaam was, is op 18 November 1959 geneem. 'n Groot aantal besluite het 'n wysiging of aanvulling van die bestaande wetgewing vereis, en die vroegste wat die Wetgewende Vergadering oor sodanige wetgewing sou kon besluit, was in Maart of Mei van die daaropvolgende jaar. Die hersiening van die onderwyswetgewing was al geruime tyd onder oorweging, en om in die lig daarvan 'n omvattende wysiging van die bestaande wet te onderneem, was nie wenslik nie. Die toepassing van sekere aspekte van die nuwe beleid moes gevolglik agterweë bly, en in 1960 kon slegs 'n begin gemaak word met die dringendste van die oorblywende maatreëls.

6. Gevolgtrekkings

Die eerste twintig jaar van die onderwysontwikkeling in Suidwes-Afrika is gekenmerk deur stremmende ekonomiese, konstitusionele, geografiese, klimatologiese en internasionale faktore. Nieteenstaande die stremmende invloede was daar manne wat die onderwyssaak onder moeilike omstandighede met visie, moed en volharding gedien het en daardeur die grondslag vir 'n volwaardige onderwysdiens stewig gelê het.

In die dekade net voor 1960 het die onderwysontwikkeling, hoofsaaklik ten gevolge van die konstitusionele ontwikkeling en die naoorlogse opbloei, 'n versnelling in tempo beleef. Hierdie ontwikkeling het tot 'n stelselmatige ondersoek van die onderwys en die formulering van 'n toekomsbeleid aanleiding gegee.

Aangesien die staat by die onderwys belang het en veral omdat 'n begin onder andersoortige en naoorlogse omstandighede gemaak moes word, was dit noodsaaklik dat die pedagogies-prinsipiële asook die administratiewe aspekte van die onderwysbeleid duidelik omskrywe moes word. Nadat die eerste onderwyskundiges enkele jare kennis insake die probleme van die land en sy be-

volking/ ... 443

volking opgedoen het, is die eerste onderwysmaatreël gepromulgeer. Dit het gou geblyk dat 'n omvattender maatreël nodig was om al die aspekte van die onderwys volledig te dek.

Alhoewel albei onderwyswette nie spesifiek die grondslae waarop die onderwys sou rus, gestel het nie, kan sekere afleidings uit die wetgewing self gemaak word. In die eerste plek het die wet bepaal dat elke skooldag met Skriflesing en gebed geopen sou word en daarmee het die Bybel en die gebed 'n plek in die onderwysprogram gekry. Daar is ook bepaal dat godsdiensonderwys vir vasgestelde tye in die skool gegee moes word en dat gewetensbeswaardes daarvan onthef sou word. Die beoefening van die Christelike godsdiens as deel van die onderwysprogram is dus aanvaar, maar dit het nie bepaal in watter mate die Christelike beginsel in die onderwys as geheel sou geld nie. Na aanleiding van die aanbevelings van die Onderwyskommissie is dit aanvaar dat godsdiensonderwys, in die breër sin van die woord, nie slegs tot die lesure van die rooster beperk sou wees nie, maar dat al die verrigtinge in die skool in die Bybel gevestig moes wees. Godsdiensonderrig sou die aangewese middel van die onderwyser wees om by die kind 'n Christelike lewenstyl aan te kweek. Indien die Christelike vorming van die opvoedeling die taak van die opvoeder en derhalwe van die skool geword het, moet die onderwys 'n Christelike karakter dra en is die weg tot die Christelike staatskool gebaan.

Tydens sy onderhandelings met die Duitse verteenwoordigers het die destydse Eerste Minister van die Unie verklaar dat dit onmoontlik sou wees om volkseenheid in Suidwes-Afrika te bewerkstellig, indien die kinders nie hulle onderwys in een skoolstelsel sou ontvang nie. Die uitgangspunt was om aan die onderwys 'n eie karakter te gee waaruit die verskeidenheid deur wedersydse begrip tot groter eenheid kon groei. Dit sou onmoontlik wees om uit die verskillende bevolkingselemente 'n nuwe nasie te bou, want daarvoor was die eie identiteit en kultuuragtergrond te sterk. Indien daar egter in geslaag kon word om die kultuurgoedere onderling te verryk en daaruit een lojaliteit teenoor volk en land op te bou, sou 'n belangrike mylpaal bereik wees.

Voor die/ ... 444

Voor die Tweede Wêreldoorlog is daar nie ver op hierdie weg gevorder nie, maar die naoorlogse tydperk toon reeds die tekens van 'n groter eenheidsbesef. Afgesien van die skool se taak om onderwys te gee en op te voed moet dit in volksverband saambind maar nie noodwendig saamsmelt nie.

Nieteenstaande die wesentlike probleme wat dit moeilik maak om aan skoolkomitees medeseggenskap by die aanstelling van onderwysers te gee, het verskillende instansies, maar veral die Kerk, baie sterk op die uitbreiding van seggenskap van ouers aangedring. Met verloop van tyd het die landsomstandighede sodanig verander dat die goedgekeurde beleid, wat aan skoolkomitees seggenskap by die aanstelling van skoolhoofde gee, geregverdig is en verwelkom moet word. Aangesien die koshuisopvoeding van die kind vir elke ouer van primêre belang is, is dit wenslik dat die koshuiskomitee by die benoeming van 'n superintendent geken moet word.

Namate ontwikkeling plaasvind, behoort seggenskap van ouers by die aanstelling van onderwysers aan sekondêre en hoërskole oorweeg te word. Skole vir sekondêre onderwys is in die groter sentrums geleë en geadverteerde poste kan moontlik 'n voldoende aantal applikante trek. As 'n proefneming kan alle vakante poste aan sekondêre en hoërskole deur die Departement adverteer word om die reaksie van onderwysers te toets. Voorlopig kan die Departement nog self die onderwysers aanstel totdat 'n aanduiding verkry is of so 'n onderneming kan slaag of nie. Indien daar 'n redelike mate van sukses in vooruitsig is, kan die skoolkomitees die geleentheid gebied word om hulle keuse uit te oefen. Nadat skoolkomitees seggenskap by die aanstelling van onderwysers in sekondêre en hoërskole verkry het, kan uitbreiding na primêre skole oorweeg word.

Aangesien daar nie skoolrade in die gebied is nie, moet die Departement die funksies vervul wat normaalweg aan so 'n liggaam opgedra word. Die Direkteur van Onderwys sal in elk geval die reg om 'n onderwyser na 'n ander pos te verplaas of te sekondeer moet voorbehou, al gebeur dit na oorlegpleging met die skoolkomitee.

Die verhoging van leerplig tot standerd VIII en

die/ ... 445

die inskakeling van standerd VI by die sekondêre kursus het nie slegs 'n nuwe benadering van die onderwys tot gevolg gehad nie, maar ook 'n belangrike bydrae tot die uitbou van sekondêre en hoërskole gelewer. Die groter skole kon nou beter voorsien in die behoeftes van leerlinge volgens hulle vermoë, aanleg en belangstelling. Alhoewel daar hoër vereistes vir die oprigting van sekondêre skole goedgekeur is, moet daar gewaak word teen die goedkeuring van nuwe skole waarvan die toekoms nie in 'n redelike mate verseker is nie.

Alhoewel dit reeds aanvaarde beleid is dat skole nie 'n hoër inskrywing as 600 leerlinge behoort te hê nie, verdien die uitbreiding van groter hoërskole op een of meer plekke ernstige oorweging, veral met die oog op die invoering van tegniese en handelskursusse. In Suidwes-Afrika waar daar nie verdeelde beheer oor die onderwys is nie, kan 'n beleid van differensiasie na buite in dieselfde skool maklik toegepas word. Wat tegniese kursusse betref, is die vraag daarna nie voldoende om 'n aparte inrigting te regverdig nie, en derhalwe sou dit wenslik wees om sekere kursusse aan een of ander hoërskool in te stel. Dieselfde geld vir 'n suiwer handelsrigting. Dit sou uitbreiding van fasiliteite, met noodwendig 'n hoër inskrywing, beteken.

Met die vergunning dat kinders die skool mag besoek as hulle minstens die ouderdom van 5½ jaar bereik het, is die getal leerlinge wat op vyftienjarige leeftyd standerd VIII met sukses aflê, verhoog. Hierdie leerlinge wat sonder enige vertraging so ver vorder, beskik gewoonlik oor die vermoë om ook die Senior Sertifikaat te verwerf. In die huidige tydsgewrig met sy ernstige behoefte aan leiers en vakkundiges vorm hierdie leerlinge die potensiaal vir die hoër beroepe. Die verhoging van leerplig sonder 'n standerdbeperking verdien ernstige aandag.

Deurgaans blyk dit dat die belangstelling in die skep en uitbreiding van biblioteekfasiliteite by skole ontbreek het. Hierdie tekortkoming kan moontlik aan 'n gebrek aan leiding of kennis omtrent die betekenis en funksies van 'n skoolbiblioteek toegeskryf word, maar dat daar 'n groot agterstand op hierdie gebied is, spreek duidelik uit die verlede. Dit is een van die

aspekte/ ... 446

aspekte wat die Onderwyskommissie nie ondersoek het nie, en weens die belangrikheid van die skoolbiblioteek in 'n gedifferensieerde onderwysprogram behoort hierdie aangeleentheid dringende aandag te geniet.

Die deeglike ondersoek wat die Onderwyskommissie na koshuisaangeleenthede ingestel het, getuig van die belangrike rol wat die skoolkoshuis in die onderwys speel. Baie kinders wie se ouers groot afstande van die naaste skool woon, vind op sewejarige leeftyd 'n nuwe tuiste in 'n koshuis en moet die belangrike invloed van die ouerhuis ontbeer. Die doeltreffende beplanning van koshuise, die opleiding van koshuispersoneel en die gee van voorligting, veral in verband met die opvoeding en versorging van die jonger kind, is van primêre belang. Die nougesette toepassing van die goedgekeurde beleid verdien ernstige aandag, en dit mag nodig wees om 'n opleidingsentrum vir huishoudelike personeel op te rig en bevoegde persone voltyds aan te stel om voorligting te gee.

In Junie 1921 het die onderwysers van Suidwes-Afrika hulle kragte saamgesnoer en die Suidwes-Afrikaanse Onderwysersunie gestig om, in die eerste plek, die belange van die onderwys hier te lande te bevorder. Die ontwikkeling van die onderwys toon dat die georganiseerde onderwysprofessie 'n belangrike en positiewe bydrae gelewer het.

Die Onderwyswet het sedert 1926 bestaan en sekere leemtes was opvallend. In die eerste plek was sekere aangeleenthede wat in die wetgewing normaalweg deur die Administrateur-in-Uitvoerende Komitee beheer word, nog die verantwoordelikheid van die Wetgewende Vergadering. In 'n tyd wat deur snelle onderwysontwikkeling gekenmerk is, is wysigings hierdeur bemoeilik en vordering vertraag. In die tweede plek is die Wet so dikwels gewysig dat 'n suiwer interpretasie van sy bepalinge nie altyd moontlik is nie. Derdens is die Wet in gevalle waar sekere beleidsveranderinge ingetree het, nie gewysig nie. Dit het veral ten opsigte van moedertaalonderwys en die herstel van Duitse taalregte gegeld. In die lig van bogenoemde leemtes en die goedgekeurde onderwysbeleid na aanleiding van die verslag van die Onderwyskommissie, behoort die hersiening

van die/ ... 447

van die onderwyswetgewing aandag te geniet. Wetgewing is daar om die weg na vernuwing te baan en om die administratiewe kanale te skep om dit ten uitvoer te bring. Dit sou wenslik wees om 'n nuwe onderwyswet op te stel en om in die wet ook die prinsipiële grondslae waarop die onderwys rus, duidelik te stel. Uit die wet moet die gees wat die onderwys adem, verneem word; dit moet meer as bloot 'n administratiewe maatreël wees.

Die onderwysgeskiedenis in Suidwes-Afrika getuig van 'n ongelyke stryd teen eksterne faktore, maar dit bring hulde aan manne en vroue wat nieteenstaande groot ontberings met innerlike krag, moed en oortuiging die onderwys en opvoedingstaak gedien het, sodat 'n ontwikkelingspotensiaal geskep is wat, toe die tyd van voorspoed aangebreek het, kon groei en bloei tot wat dit vandag is.

7. Aanbevelings vir verdere navorsing

Die onderwysdiens in Suidwes-Afrika strek verder terug as 1915 en omvat die onderwys vir Blankes, Kleurlinge, Inboorlinge en sekere aspekte van die onderwys, in breër volksverband, soos die museum- en openbare biblioteekdienste. Alhoewel die laaste twee dienste tot onlangs nie baie omvattend was nie, kan wetenskaplike navorsing bepaal in watter mate eersgenoemde 'n bydrae tot die ontwikkeling van die wetenskap in die algemeen en, tesame met biblioteekdienste, tot die volksopvoeding gelewer het.

Daar is reeds navorsing gedoen in verband met Kleurlingonderwys en die jongste ontwikkelinge behoort aangevul te word. Verskillende aspekte van die onderwys vir Inboorlinge en veral die bydraes wat aanvanklik deur sendinggenootskappe en later deur die staat alleen of in samewerking met die sending gelewer is, behoort verder nagevors te word. Navorsing is reeds in verband met sommige aspekte daarvan gedoen en literatuur is beskikbaar. Die navorser wat hom hierin wil interesseer, sal hom waarskynlik, wat die tydperk voor die Eerste Wêreldoorlog betref, tot argiewe in Duitsland en Finland moet wend om al die nodige inligting te bekom.

ooooOoooo